# Dordt-Nuus

*In U lig sien ons die lig (Ps.36:10)*

**Gemeenteblad Dordt Gereformeerde Kerk Orania** (Los van GKSA)


| **Eredienste** | **Bybelstudie** | **Katkisasie** |
|---|---|---|
| Sondae: **Oggend: 10:00. Aand: 18:00. Nagmaal 9:30** | **Woensdae: 19:00** | **Sondae: 9:00** |

**Posadres: Posbus 175, Orania 8752;**


**Skriba & Attes. Skriba: Oud. Gerd Erasmus 053 207 0134 & 082 782 2985. e-pos: glerasmus@oranet.co.za**

**Kassier: Herman Havinga 053 207 0050 & 084 233 3032 & e-pos: hermanh@maxitec.co.za**



## Spesiale uitgawe


# Oktober 2018







# Dordt Gereformeerde Kerk Orania




## (LOS VAN GKSA)






# *Voorwoord*

Dit is nou 16 jaar gelede dat die Gereformeerde Kerk Orania as deel van die GKSA tot stand gekom het op 12 Oktober 2002. Hierdie totstandkoming was ’n worstelstryd, waarin die HERE telkens uitkoms gegee het.

Die Woord van God is ewig, waar en gesaghebbend. Die mensewoord is tydelik en onbetroubaar. Gelowiges en ongelowiges leef in ŉ wêreld waar ander en veranderende norme geld as wat die HERE in sy Woord aanlê. Daarom waarsku en beveel die Here ons ook in Rom 12 om nie aan hierdie wêreld gelykvormig te word nie. So leef ons ook in die sg. post-modernistiese era wat gekenmerk word deur relativisme: niks is seker of absoluut nie elkeen is geregtig op ŉ eie opinie oor alle sake. Die teologie het hierdie gees nie misgeloop nie. Verdraagsaamheid (toleransie) is nou die hoogste Christelike deug as betoning van naasteliefde. Enige vorm van behoudendheid is nou ŉ ondeug waarvoor daar weinig of geen toleransie is nie. Die Belydenisskrifte van die ‘kerk’ word daarom maklik afgemaak as outyds en beperkend, onbelangrik, liefdeloos en dus verwerplik.

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het hierdie tendens ook nie ontloop nie. Die sug na meer mensvriendelike Bybels, die emansipasie van die vrou, die aanvaarding van menseregte en vryheid van spraak, eenheidsbelewing as bewys van liefde i.p.v. verlustiging in die waarheid, (wat normatief te beperkend is), minagting van kerklike orde en Bybels-kerklike tug, eiewillige godsdiens wat afgodery is, getuig alles van die onaanspreekbare mens van hierdie eeu. Wat vir die mens lekker is, is die hoogste norm en leë kerke en vol paviljoene die gevolg. Ook van ons kerkvolk kan daar gesê word: “My volk gaan ten gronde weens ŉ gebrek aan kennis...omdat jy die wet van God vergeet het” (Hos.4:6).

Sedert die tyd van die ‘Bekommerde Gereformeerdes’ samekomste, vanaf 1997, waar die tyd vir afskeiding ryp was, staan die regsinniges al in die stryd. Maar die saak is gekelder deur die luide fluistering van “ die tyd is nog nie ryp nie”. Intussen is deur afsterwe van baie van diegene wat die saak sterk voorgestaan het en ook deur indoktrinasie dmv die sterker deurwerking van die toleransie filosofie, word die verdraagsaamheid teenoor die onbybelse tendense al groter en teenstand al minder.

Dit alles roep en dwing ons tot kragtiger getuienis buite en binne die kerk. Maar vir hoe lank? Vir ons al sowat 20 – 30 jaar. Moet die twis met ons moeder onbepaald voortgaan? (Hos.2:1). Kom daar nie ŉ tyd dat arbeid en tyd aan beswaarskrifte as pêrels voor die swyne beleef word nie? Is dit nie meer verantwoord voor die Here om ook gehoor te gee aan die opdrag om aan God meer gehoorsaam te wees as aan die mense (Hand.4:19). Watter gemeenskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid (2 Kor. 6:14-18), vergoed die positiewe in die GKSA dan nie vir die negatiewe nie? Vir ons het hierdie pad van verset tot ’n einde gekom.

In hierdie spesiale uitgawe van Dordt-Nuus kry u ŉ geskiedenis van die Gereformeerde Kerk Orania. Hierdie kerk/gemeente het nogal ŉ ongewone geskiedenis van stryd – eers om as selfstandige kerk tot stand te kom en daarna stryd teen sekere onskriftuurlike tendense teen besluite van sinodes. Uiteindelik het dit daartoe gelei dat na worsteling, gebed en verantwoording, besluit is om die GKSA los te laat. Langs hierdie weg het die Dordt Gereformeerde Kerk Orania tot stand gekom:- steeds gereformeerd in belydenis en kerkorde, maar met die bevryding van sinodokratiese dwang strydig met die Skrif, en hoofsaaklik gerig op die uitbou van die koninkryk van God deur die uitdra van die ware evangelie. Mag God ons daartoe genadiglik bekragtig! En mag die getuienis wat deur hierdie publikasie uitgaan wees tot die eer van Sy Naam.

**Soli Deo Gloria, Sola Scriptura, Sola Christo, Sola Gratia, Sola Fide**

# Inhoudsopgawe


| | |
|---|---|
| Voorwoord | 1 |
| Skrifoordenking | 3 |
| Kort Geskiedkundige oorsig en foto's | 4 |
| Waarom die naam Dordt-Nuus vir ons gemeenteblad? | 11 |
| Totstandkomings-akte | 12 |
| Memorandum van losmaking | 13 |
| Die brief aan Klassis Burgersdorp oor losmaking | 22 |
| Klassis se kennisgewing aan GKSA verband | 23 |
| Bylaag 1: NGB artikel 28: Elkeen is verplig om by die ware kerk aan te sluit. | 23 |
| Bylaag 2: Ware en valse kerkeenheid – prof VE d'Assonville | 24 |


## Ps. 40 vs 4 & 5 berymd

Net om u wil te doen soos in U Boek
– die wonderskrif wat nooit vergaan –
dit klaar van my geteken staan,
dit wil ek, HEER, van ganser harte soek.
Ek bied U hart en hande
in will'ge offerhande –
al wat ek is en het;
diep in my ingewand
waar liefde en ywer brand,
draag ek u heil'ge wet.

Nou sal ek u geregtigheid laat hoor;
daarvan in groot vergadering
vry-uit die blye boodskap bring,
uit dankbaarheid tot sanglus aangespoor.
U trou wat nooit beswyk het,
U heil wat ons geblyk het,
U guns oneindig groot –
sal ek my hulde bring
in groot vergadering
van vriend en vreugdgenoot.

*Skrifoordenking*

# Die HERE se ewige goedertienheid

Ds Koos Kirsten

Skrifgedeelte: lees Ps. 107.

Ps 107 is ’n lofpsalm waarin die ewige goedertierenheid van die HERE besing word. Diegene wat deur die HERE verlos en gered is, word opgeroep om hierdie psalm te sing. Voordat ons by die inhoud kom, net eers ’n paar opmerkings oor die besonderse struktuur van die psalm. Die psalm kan in 6 onderdele verdeel word nl. vers 1 - 7, 8-14, 15-21, 22-30, 31-41, 42-43.

Vers 1 vorm nie net die inleiding van die hele psalm nie, maar is ook die inleiding van die eerste gedeelte. Hier word die verloste opgeroep om die HERE te loof vanweë Sy goedertierenheid wat tot in ewigheid duur. Verse 15, 21, 31 is ’n presiese herhaling van vers 8 en vorm die inleidings van elke volgende onderafdeling. Hier word die verlostes opgeroep om die HERE te loof om Sy goedertierenheid en sy wonderdade aan die mensekinders.

In elke van die eerste vier onder afdelings word daar nog ’n vers herhaal nl. vers 6, 13, 19, 28. Die eerste gedeelte van die verse se bewoording is presies dieselfde. In die tweede deel verskil slegs die werkwoord. Hierdie werkwoorde sê wat die HERE gedoen het aan dié wat Hom in hulle benoudheid aangeroep het.

Die eerste gedeelte handel oor die uitverkiesing. Die HERE gaan haal Sy kinders uit al die uithoeke van die aarde en Hy versamel hulle. Die mens het in sonde en ellende geval en smag na verlossing. Die HERE bewerk dit dan dat die uitverkorenes Hom in hulle benoudheid aanroep. Hy lei hulle dan op die regte paaie om uiteindelik die nuwe Jerusalem te bereik. Langs hierdie pad versorg Hy hulle. In hierdie gedeelte sien ’n mens ook iets van die verlossing uit Egipte en die ou Jerusalem. Hier kom ook iets van die Babeloniese ballinskap na vore. Die volk is verstrooi en roep die HERE aan en Hy bring hulle terug sodat hulle Jerusalem kan herbou.

Die tweede gedeelte handel ook oor die verlossing. Nou vanuit die perspektief van gevangenskap. Hulle het teen die HERE oortree en was wederstrewig teen Sy woorde en sit nou opgesluit in die kettings van sonde en ellende. Die HERE verneder hulle harte en bring hulle tot die besef van hulle val en vernedering. Wanneer hulle Hom aanroep, verlos Hy hulle. Ons moet eers tot die besef van ons opstandigheid en verset teen die HERE kom voordat ons gered kan word.

Deel drie sluit baie nou aan by deel twee. Ook hier handel dit oor die verlostes wat eers in gevangenskap was as gevolg van hulle oortredings en ongeregtighede. Hulle het hulle toestand as so sleg ervaar dat hulle nie meer wou eet nie, en het siek geword. In hulle benoudheid het hulle die HERE aangeroep en Hy het hulle verlos en gesond gemaak deur Sy woord te stuur. Christus is die Woord wat mens geword het en ons kom verlos het.

In die eerste drie gedeeltes se inleiding word die verlostes opgeroep om die HERE te loof. In die vierde en vyfde deel word daar iets bygevoeg. In deel vier word gesê hoe hulle dit moet doen nl. met lofoffers en dat hulle met gejubel moet vertel wat die HERE aan hulle gedoen het. In deel vyf word gesê waar hulle dit moet doen. Hulle moet dit in die vergadering van die volk (die kerk) en by die kring van die oudstes (kerkraad) doen. Ons moet die HERE loof in ons eredienste en kerkraadsvergaderings.

Die vierde gedeelte is soos ’n gelykenis. Matrose is op ’n skip op die see. Hulle herken die werke van God in die see en sien hoe Hy wonderlike dinge in die see laat gebeur, want Hy stuur ’n storm en hulle word doods benoud. Wanneer hulle die HERE aanroep red Hy hulle en maak die storm stil. Dan bring Hy hulle in ’n veilige hawe. So laat kom die HERE die storms van die lewe oor ons, sodat ons Hom in ons benoudheid sal aanroep. Wanneer ons Hom aanroep, verlos Hy ons en maak dit rustig en stil in en om ons, soos wanneer ’n skip in ’n veilige hawe lê.

In deel vyf kom daar twee sake aan die orde. Die eeste herinner ons aan hóé die HERE Israel geseën het nadat Hy hulle in die beloofde land gebring het. Hy het hulle versorg en so doen Hy vandag nog met ons. Die tweede saak is dat die HERE Hom ook oor die arme en ellendige ontferm, maar laat die verdrukker en hooghartige in veragting kom en laat hom wees soos iemand wat in ’n woestyn verdwaal het.

Die Psalm leer ons dat die opregtes hierdie dinge raaksien en bly is daaroor. Wie wys is gee ag op hierdie dinge en let op die goedertierenheid van die HERE. Daarenteen sien die ongelowiges en onopregtes dit nie raak nie, daarom swyg hulle oor die goedertierenheid van die HERE. Ons as gelowiges moet die HERE loof, anders is ons net soos die ongelowiges. Ons moet lof aan die HERE offer waar en wanneer ons bymekaar kom. As ons dit doen sal ons opreg en wys wees. Amen

# Geskiedkundige oorsig

Vir die eerste deel van hierdie geskiedkundige oorsig is ruim uit die Geskiedenis-oorsig uit die Dordt-Nuus, 10de herdenkings uitgawe, Oktober 2012 gebruik gemaak om 'n oorsig van sowat 25-26 jaar te gee vanaf die tyd dat gereformeerdes hulle op Orania kom vestig het tot nou toe.

## Eerste periode (1992/93 tot omtrent 2002)

(Geredigeerde weergawe van oudl. Louis Schutte uit Dordt-Nuus Oktober 2012)

In die beginjare (1992/93) van Orania het die gemeenskap hier besluit dat almal saam een kerk van verskillende gereformeerde kerkverbande sou vorm en dit die Gereformeerde Kerke Komitee (GKK) genoem. Eredienste is afwisselend deur die verskillende kerkgroepe gereël. Weens verskeie redes soos ongereformeerde prediking en sing van Halelluja's, het van die Gereformeerdes ontuis gevoel en by Gereformeerde Kerk Philipstown ingeskakel.

**Die Philipstown fase**

Philipstown wat vanaf Colesberg bedien is, kon nie gereëlde woordbediening in Orania volhou nie en toe is voelers uitgesteek na Koffiefontein. "Ek [Louis] is later, nadat ons by Koffiefontein aangesluit het, ook meegedeel dat die probleem van oudl Dissie Kruger wat met Koffiefontein ontstaan het, die GKK was. Hy wou hê dat ds. G Kruger [van Koffiefontein] sy sake so moes reël om in te pas by die GKK se tye, waarvoor ds. Gert Kruger nie te vinde was nie. Ds. Kruger sou aan hom gesê het as ons oorkom Koffiefontein toe, dan het ons niks met GKK te doene nie, dan is ons net Gereformeerd. Dit het blykbaar 'n groot struweling tussen hulle veroorsaak." Dit het meegebring dat daar twee groepe Gereformeerdes op Orania ontstaan het:- een groep as lidmate van GK Koffiefontein en die ander van GK Philipstown.

**Die Koffiefontein fase**

Weens uitbreiding was daar spoedig 2 wyke, met 2 ouderlinge en 'n diaken, met eredienste elke 2de Sondag op Orania, terwyl dit in die verlede slegs elke 6de week was.

Orania vra dat hulle as gemeente afstig omdat die ampsgawes daar is. Koffiefontein stem in en op die klassis Fauresmith word dit deur Philipstown onder aanstigting van oudl. Dissie Kruger gedwarsboom met 'n beskuldiging teen Koffiefontein dat hulle hulle in Philipstown se gebied indring. Weens lasterstories oor ds Kruger van Koffiefontein as sou hy vir hom 'n gemeente in Orania versamel en dan Koffiefontein los vir Orania, het Koffiefontein se kerkraadslede bedank, behalwe dié op Orania. Uiteindelik plaas die klassis Fauresmith die gemeente Koffiefontein onder toesig van Petrusburg en Orania word gevra om hul eie sake te reël.

Na die vertrek van ds Kruger in 2000 uit Koffiefontein, bied dr. J Ras van GK Kimberley sy hulp aan waarop Orania baie dankbaar was vir gereelde bediening deur Kimberley se twee predikante.. Aanvanklik het dit goed gegaan tot ds Jordaan 'n preek hier lewer waarin hy gesê het dat diegene wat net die 33/53 Bybel gebruik, soos iemand is wat in 'n donker kamer by 'n kersie sit, terwyl hulle hul van die volle sonskyn (1983 vertaling) daarbuite ontroof. Dit het redelike onsteltenis veroorsaak, want hierdie Oraniërs het die NAV verwerp.

Om die volgende verloop van sake te verstaan. Is dit nodig om te begryp dat Gereformeerdes op Orania wat onder Koffiefontein resorteer, by klassis Faurismith inskakel en diegene wat by GK Philipstown is, by klassis Middelburg. Aanvanklik was klassis Faurismith bereid om Orania as selfstandige kerk te laat institueer, maar insette van GK Philipstown en klassis Middelburg het dit gekelder. Br Louis Schutte het die geskiedenis meegedeel tot met die bediening as wyke van GK Koffiefontein en die skielike frontveranderings wat by Klassis Faurismith en Middelburg plaasgevind het toe tot selfstandige gemeentevorming op Orania oorgegaan sou word.

'n Onverkwiklike twis-toestand in Koffiefontein self en ook in die kombinasie Koffiefontein-Jacobsdal-Fauresmith, met Orania as buitestaander, loop uit op die verbrokkeling van die kombinasie en die vertrek van ds Gert Kruger na Alberton. Koffiefontein kom toe onder toesig van Petrusburg en die sogenaamde "inkomplete kerk' Orania funksioneer steeds administratief en andersins selfstandig.

## Verdere Geskiedenis van GK Orania (vanaf 2002 tot 2006):

**Die onthou van oudl. Gerd Erasmus m.b.v. dokumentasie oorgeneem uit Dordt-Nuus Okt. 2012**

**Kimberley-fase:**

Ná die uitrafeling van voorgaande kombinasie, besoek dr. Ras van Kimberley die kerke van hierdie kombinasie en word bedienings-ooreenkomste met hulle gesluit, 'n soort kombinasie-bediening dus. Die lidmate van die inkomplete kerk Orania kom as verspreidwonendes (KO Art. 39) onder sorg van Kimberley, maar bly eienaardig genoeg lidmate van Koffiefontein. Orania se selfstandigwording word op die eersvolgende vergadering van Klassis Griekwaland-Wes (Maart 2000) in beginsel aanvaar en selfs 'n

konsulent aangewys. Die Gereformeerdes op Orania was nou as't ware verdeel in twee groepe: die 'inkomplete kerk' onder Kimberley (die sg.Dordt-groep) en die ander lidmate 'n wyk van Philipstown. Dr Ras wou nie inskakel by die GKK op Orania nie, maar het 'n makro-bediening rondom die predikante van Kimberley probeer daarstel. Kimberley sluit dan ook afsonderlike bedienings-ooreenkomste met Jacobsdal, Koffiefontein en "Inkomplete" Orania. Die verhouding met die predikante van Kimberley, dr Jan Ras en ds Johan Jordaan was aanvanklik heel hartlik.

Die sterk standpunt van die Dordt-lidmate teen die gebruik van die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV 1983), het tot konflik gelei met ds. Jordaan. Eensklaps verander die hele situasie.

In Augustus beëindig Kimberley skielik die bedienings-ooreenkoms eensydig, skort die voorhande nagmaalviering te Orania op, sit die ouderlinge en diakens van die Dordt-groep af en stel 'n dokument op wat die kerkraad van die Dordt-groep moet onderteken sonder om met ons daaroor gesprek te voer. Dit sluit in: inskakeling by Kimberley as individuele lidmate en aanvaarding van die NAV as Woord van God. Die Dordt-groep weier om te teken, maar uit die bloute doen die ouderlinge van die Philipstown-groep dit wel, sonder toestemming van die kerkraad van Philipstown. Hierdie optrede van Kimberley word deur die Klassis Griekwaland-Wes kondoneer en ons appèl daarteen by Klassis Griekwaland-Wes in September afgewys – daar bestaan o.a. eensklaps nie 'n 'inkomplete' kerk Orania nie.

Ds Ben Smit van GK Brits-Wes willig in om die Nagmaal op Orania te bedien in September. Die kerkraad van Kimberley dreig hom met optrede daaroor en reik 'n verklaring in die kerkverband van die GKSA uit dat geen predikant Woord en sakrament by die sg. Dordt-groep mag bedien alvorens nie met Kimberley oorleg gepleeg is nie. Emeritus ds Johan Lighthelm willig daarna in om die nagmaal in Desember alhier te bedien nadat hy die korrespondensie en ter sake dokumentasie ontvang het. Ds Jordaan en twee ouderlinge van die Orania-Philipstown groep besoek ds Lighthelm waar hy tuisgaan op Orania omtrent 'n uur voor die nagmaal sou begin dreig en verbied hom om die nagmaal te bedien. Dit het hom hewig ontstel. Nadat hulle verwyder is weens inmenging, is die nagmaal tog wel bedien op 3 Desember 2000. Ten laaste bedien Kimberley 'n dokument aan elke lid van die Dordt-groep waarin hulle uitgenooi word om by Kimberley aan te sluit, wat toe gesamentlik afgewys word tensy bepaalde onduidelikhede en teenstrydighede met die Augustus-dokument uitgeklaar word. So loop die jaar 2000 ten einde.

2001 begin op hierdie hoogspanning. Kimberley verklaar hierop dat die Dordt-groep buite kerkverband is en stel die kerke van die GKSA daarvan in kennis sonder om ons daarin te ken of in kennis te stel of oor sonde te vermaan. Ons het eers in Maart indirek daarvan te hore gekom toe ek met ds Arie Stavast oor die telefoon oor 'n ander saak praat. Hy vra my tot my verbasing wat gaan in Orania aan dat ons ons buite kerkverband geplaas het? Ons weet toe nog niks daarvan nie.

Orania verklaar op hul beurt dat hulle hul van Kimberley losmaak omdat Kimberley strydig met die kenmerke van 'n 'ware' kerk optree. Kimberley weier enige verdere korrespondensie maar beweer dat die predikante hulle dienswerk op Orania voortsit as evangelisasie. Die Philipstown-groep skakel vanaf 1 Januarie as wyk 24 by Kimberley in. Dit was ook moeilik om Kimberley eers van ons skrywe in te lig, aangesien hulle nie korrespondensie met ons wou voer nie. Ook hierdie optrede van Kimberley word deur die Klassis Griekwaland-Wes in Maart goedgekeur.

**Brits-Wes fase:**

Die Dordt-groep versoek om as lidmate by Brits-Wes in te skakel. Op advies van Klassis Rustenburg besoek 'n kommissie van Brits-Wes en die klassis Orania en Kimberley. Hulle beveel aan dat Orania opgeneem word en ook dat Orania institueer. (Brits-Wes skakel toe by Klassis Krokodilrivier in weens 'n herskommeling van klasses). Klassis Krokodilrivier keur ook die instituering van Orania goed. 'n Appèl deur klassis Griekwaland-Wes daarteen, het nie geslaag nie. Die Dordtgroep op Orania funksioneer op hierdie stadium in elk geval, vir alle praktiese doeleindes, alreeds bykans vier jaar lank selfstandig met 'n kerkraad wat alle aspekte van erediensreëlings en sakramentbediening hanteer en eie gemeenteregister nahou en selfstandig ramings hanteer, soos wat Klasses Faurismith en Griekwaland-Wes dit goedgekeur het. By Klassis Krokodilrivier, dien Orania se saak toe by die sittings op 10 September (contracta) en 17 September 2002.

**Volle selfstandigheid**

Na aanleiding van die goedkeuring deur Klassis Krokodilrivier dat die Dordt-groep institueer op sy sitting van 17 September, is die GK Orania op 12 Oktober 2002 institueer. **'n Blye en dankbare dag!**

Klassis Krokodilrivier het dit reeds aan die begin duidelik gestel dat Orania se inskakeling by die klassis as tydelik gesien word. GK Orania behoort versoening te soek met Klassis Griekwaland-Wes en weer daar in te skakel as bewys van sodanige versoening.

**2003**: So dien die brief van GK Orania by Klassis Griekwaland-Wes se vergadering van Maart 2003. Hierdie brief noem ook die besluite van GK Orania om:

- net die 1953-vertaling te gebruik;
- net Psalms volgens die Totius beryming te sing;
- geen vroue as diakens te verkies nie;
- die Nagmaal slegs aan tafel met drinkbekers te bedien;
- en dat mense wat aan geheime/vertroulike organisasies behoort nie lidmate mag wees nie.

Die Klassis aanvaar Orania se besluite as nie strydig met besluite van die Sinode nie en Orania word by Klassis Griekwaland-Wes toegelaat. (In September 2000 was juis ons standpunt teen die NAV van die redes tot opskorting van die nagmaal en beëindiging van die bedienings-ooreenkoms, omdat ons standpunt strydig sou wees met Sinodebesluite.)

Ironies genoeg word by dieselfde vergadering toestemming verleen dat oorgegaan word tot kerkvorming vir die wyk 24 lidmate van Kimberley, naamlik die Gereformeerde lidmate op Orania wat intussen vanaf Januarie 2001 van Philipstown na GK Kimberley oorgegaan het. GK Orania-afvaardiging se opmerking dat daar nog geen versoening tussen die twee groepe op Orania gekom het nie word totaal ignoreer– 'n sondige situasie wat voorheen (September 2000) deur die Klassis aangegee is as rede waarom 'n selfstandige kerk nie op Orania tot stand mog kom nie. Dubbele standaarde is skynbaar toelaatbaar.

Wyk 24 van Kimberley (die lidmate van Kimberley op Orania) het dan ook op 14 Mei 2004 amptelik tot gemeentevorming gekom onder die naam Gereformeerde Kerk Oranjerivier. Tans is dit nog die situasie dat daar twee Gereformeerde kerke op die kleine Orania bestaan. Samesprekings tot versoening en eenwording het telkens misluk vanweë besware en opskorting van gesprek deur GK Oranjerivier.

**Nasionale Sinode 2003 se hantering van die Orania-sage.**

Ons appèlle en beswaarskrifte oor die optrede van GK Kimberley na die klassis Griekwaland-Wes en Part Sinode Noordwes is telkens afgewys of onontvanklik verklaar op een of ander versinde tegniese punt. Uiteindelik het ons ons in 'n appèl op die Nasionale Sinode van 2003 beroep. Twee sake rakende GK Orania het daar gedien:

1. Die appèl van vier kerke in Klassis Griekwaland-Wes teen die instituering van Orania deur klassis Krokodilrivier en Part Sinode Bosveld, slaag. (Acta 2003:96-102 stel dat hierdie appèl deur die instelling van die *ad hoc* kommissie opgeskort is, is feitelik verkeerd.)
2. Die appèl van vier kerkraadslede van GK Orania teen afwysing van ons appèl by Part Sinode Noordwes weens die optrede van GK Kimberley en Klassis Griekwaland-Wes, word opgeskort nadat twee punte reeds geslaag het. (Acta 2003:87-96 gee die gebeure weer asof die Sinode uitspraak oor die hele appèl gegee het en dat die appèl in geheel geslaag het, maar dit was nie die geval nie.) Die saak is glo te verwikkeld om reg te spreek word toe beweer. Dit het gelei tot die aanwys van 'n *ad hoc* kommissie om die vergadering te adviseer oor hoe om die saak te hanteer. Uiteindelik is besluit dat Sinodale deputate aangewys word wat met die betrokke partye versoening sal poog te fasiliteer en 'n *synodus contracta* te belê om die uitslag te hanteer. Die vier kerke uit klassis Griekwaland-Wes verklaar daarop dat hulle hul appèl terugtrek met 8 motiveringe.

***Die motivering van die vier kerke in Griekwaland-Wes vir die terugtrek van hul appèl op Sinode 2003:***

1. Die kerke is bereid om onreg te ly ter wille van die koninkryk.
2. Die kerke wou aanvanklik nie appelleer nie omdat hulle voortdurend bewus is dat appèlle geen oplossings bring nie.
3. Die reg van die Koning van die kerk was egter gekrenk, en daarom wou die kerke dat alle sake rakende hierdie aangeleentheid ter tafel kom, sodat besluite van meerdere vergaderings gelykluidend kan wees.
4. Indien hierdie appèl sou slaag, beteken dit dat die institutuering van die Gereformeerde kerk Orania tot niet sou wees.
5. Ons is egter bewus van die begeerte van hierdie groep om 'n eie selfstandige kerk te wil wees, en ons het onvermoeid gewerk om dit tot stand te bring op 'n ordelike en Christus waardige manier deur eers versoening te bewerk voordat daar oorgegaan word tot instituering.
6. Die feit is dat daar tans wel 'n kerk geïnstitueer is, en indien dit ongedaan gemaak word, dit geensins sal bydra tot versoening nie.
7. Die begeerte van die kerke in Griekwaland-Wes is dat energie en tyd gebruik moet word om die koninkryk te bou , en nie om teen mekaar te veg nie.
8. Ons versoek die broeders van die Gereformeerde Kerk Orania om ons goeie trou te aanvaar en ons nie te veroordeel omdat ons die 1983-vertaling van die Bybel as God se Woord aanvaar nie.

***Opmerkings oor voorgaande*:**

1. Wie was die lydendes? GK Órania het nooit iemand vervolg nie!
2. Wêreldse kerkregbegrip: bybelse regspraak is versoening mits die waarheid gedien word in sinodi.
3. Die mag van hiërargiese kerklike voorgangers is bedreig deur Orania se verset, nie van die Koning nie.
4. Christus versamel sy kerk, bely ons, nie menslike goedkeuring nie.
5. Eienaardige maniere is gebruik om Orania tegemoet te kom en versoening te bewerk – maniere waarvoor later verskoning gemaak moes word.

6 en 7. Die lig het deurgebreek, al is dit nog net kerkslig.

8. Goeie trou is telkens in gesindheid weerspreek. Nooit en nêrens het Orania enige ander kerk (of persoon) veroordeel wat die NAV as Woord van God beskou nie. GK Kimberley en Klassis Griekwaland-Wes het tug teen Orania-Dordt-groep toegepas o.a. oor ons standpunt dat die NAV nie die Woord van God is nie.

Die vier sinodale Deputate (ds. Pieter van der Walt, dr. Douw Breed, ds. Nico Botha en prof. Dries du Plooy) het die betrokke partye, nl. Part Sinodes Noordwes en Bosveld en die verteenwoordigers van Kimberley en Orania ontmoet op 24 en 25 April 2003 en weer op 31 Julie 2003. Dr. Ras was afwesig omdat hy vroegtydig emeriteer het.

**Kimberley maak uiteindelik verskoning vir hul optredes teen Orania, nl. oor:**

1. Die eensydige opskorting van die bedieningsooreenkoms;
2. Die uitstel van die nagmaal van 27 Augustus 2000;
3. Om lidmate van die Dordt-groep op Orania buite kerkverband te verklaar;
4. Weiering van enige korrespondensie met die Dordt-groep omdat geen korrespondensie met enige 'inkomplete' kerk gevoer word nie.

Orania vra verskoning dat hulle Kimberley per implikasie 'n valse kerk genoem het in 'n skrywe wat in die kerkverband versprei is, sonder om eers Kimberley daarin te ken.

Die Part Sinode Noordwes herroep in November 2005 sy besluit waarteen ons appèl gerig was. Orania se aandrang dat Kimberley verskoning aanbied vir die optrede en dreigemente teen di Smit en Lighthelm het nooit gebeur nie, die dreigemente teen hulle is slegs laat vaar sonder om hulle daarvan te verwittig. Die finale rapport van die Deputate (Acta 2006:406-408) is dermate vertraag dat dit eers in 2005 versprei is. Omdat 'n Nasionale Sinode reeds vir Januarie 2006 so naby was, is geen sy*nodus contracta* saamgeroep nie (sien Acta 2006:406-408).

**Ten slotte:**

Deur al die moeilike jare heen besef ons toenemend dat God sy kerk in stand hou, nie die mens nie. Ons word geroep om te getuig, die Evangelie uit te dra.

Ons bede is dan ook dat die HERE ons hierin sal toerus en seën. Want: "As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die Here die stad nie bewaak nie tevergeefs waak die wagter" (Ps.127:1)

**Toevoeging**

Nieteenstaande die feit dat daar geen versoening vanaf die lidmate wat hulle by Kimberley gevoeg het teenoor die Gereformeerde Kerk Orania se lidmate, wie se toenadering telkens van die hand gewys is, gekom het nie, wou hulle hulle, om een of ander rede, nie by die bestaande kerk voeg nie en het hulle eie kerk in 2004 gevorm, nl. die Gereformeerde Kerk Oranjerivier. Nieteenstaande beswaar aangeteken is omdat eensgesindheid nog nie werklikheid geword het nie, het die Klassis Griekwaland-Wes dit nogtans goedgekeur, terwyl dit om juis daardie rede nie GK Orania se totstandkoming wou goedkeur nie. Waarskynlik is, om met twee mate te meet, nie vir hulle 'n probleem gewees nie.

* * * * * * * *

## Ander besluite en verdere gebeure betreffende GK Orania:

**(uit Dordt-Nuus Oktober 2012)**

**Standpunte teen bepaalde Sinode-besluite:**

***Lid van die Suid-Afrikaanse raad van Kerke*:** Ons het ons in 'n ope brief aan die kerkverband van hierdie besluit in 2006 distansieer omdat SARK geen gereformeerde Bybelse praktyk en belydenis handhaaf nie.

***Deelname aan die Parlementêre Lessenaar van die NG Kerk*:** Saam met voorgaande gedistansieer omdat die aangewese segsman, dr. du Toit, skrifkrities is en die Bybel as Woord van God misken. Beide affiliasies is strydig met 2 Kor. 6:14-16. Sinode 2009 het hierdie affiliasie beëindig.

***Verwerping van die Verklaring van Menseregte***: Ons verwerp hierdie vereenselwiging met die verklaring wat in 1985 aanvaar is, al het ons beswaar daarteen by Sinode 2009 nie geslaag nie. Menseregte is 'n geheel humanistiese doktriene met vervalsde bybelse regverdiging soos dat Christus vir alle mense gesterf en hul onvervreembare regte as beelddraers van God teruggegee het.

***Bybelvertaling, vroue in die amp van diakens en nagmaalviering aan 'n gemeenskaplike tafel met gesamentlike drinkbeker,*** is reeds genoem. Die ***omdigting van die Psalms deur prof TT Cloete e.a***. en die gebruik daarvan, het ons ook verwerp. Hierdie besluite van verskillende Sinodes kan nie die toets van die Skrif deurstaan nie, al aanvaar die meerderheid afgevaardigdes dit op demokratiese wyse. Demokratiese oorheersing i.p.v. gelei en geleer deur die Heilige Gees ooreenkomstig die Bybel (Hand 17:11), is die enigste rigsnoer. Ons mag die meerderheid nie volg in 'n verkeerde saak nie (Ex 23:2, die hele vers).

**Christelike onderwys**:

Van ons lidmate en die kerk is vanaf 1998 tot op hede ten nouste betrokke by die CVO-skool wat in Jan 1993 op Orania gestig, en in 1996 by die BCVO geaffilieer is. Op die eerste Sondag van elke maand neem ons 'n deurkollekte hiervoor op. Die kerkraad het na lange oorweging besluit dat ouers wat hul kinders sonder uitsonderlike redes in staatskole laat onderwys, tugwaardig is.

**Opleiding van predikante:**

Die kerkraad steun hulp aan teologiese studente (KO Art19) en het reeds drie studente finansiëel so bygestaan en tans ook 'n vierde. Ons standpunt is egter dat ons sodanige hulp alleen aan geselekteerde studente verleen waarvan ons oortuig is dat hulle regsinnig is.

Ons het ook by die Kuratore beswaar aangeteken dat menseregte 'n hele semesterkursus beslaan terwyl die belydenisskrifte nie meer stelselmatig onderrig word nie. So word intensief onderrig wat nie bely word nie, terwyl dit wat ons bely aan die agterspeen drink. Ons is dankbaar dat die onderrig van menseregte tans krities heroorweeg word.

**Geloftedag:**

Dit was jare lank die gebruik in ons land, ook op Orania, dat geloftedag by wyse van 'n enkele gesamentlike erediens plaaslik of op bepaalde samekomsplekke herdenk word. Wanpraktyke, veral wat betref die patriotiese, selfverheerlikende toesprake tydens en na die eredienste, het ons drie jaar gelede laat besluit om slegs by ons eie kerkplek volgens die gees en bedoeling van die gelofte, 'n herdenkingsdiens te hou om God die eer van die oorwinning toe te bring.

**Sendingwerk**

Colesberg word finansieel bygestaan in hul bediening in Philipvale waar oudl Justin de Clerc van Colesberg, gereeld Sondae werk.

**Nagmaalservies**

Ons gebruik sedert 1999 die nagmaalservies wat die Geref. Kerk Fauresmith aan ons geleen het. Hulle wou nie verkoop nie en het versoek dat ons dit teruggee omdat dit van groot historiese waarde is en hulle dit aan die argief wil stuur. Ons het in die kerkverband rondgevra en die Geref. Kerk Linden was so vriendelik om aan ons twee drinkbekers te skenk. Ons sê dankie aan Linden vir hulle vriendelike gebaar.

**Studieprojekte**

Daar is verskillende studieprojekte oor die jare gedoen o.a. oor menseregte, kleredrag, Geloftedag en oor die Israelvisie. Lg. sal hopelik binnekort gefinaliseer word. [intussen is dit voltooi en gedruk]

Tot sover die aanhalings uit Dordt-Nuus Oktober 2012

* * * * * * * *

## Geskiedenis wat tot die losmaking van die GKSA gelei het

Die talle besluite van Nasionale en Algemene Sinodes waarmee die GK Orania nie genoë kon neem nie en dit selfs as gewetensbindend ervaar het, het van die begin af telkens tydens kerkraadsvergaderings opgeduik. Veral ná elke Sinode is ons posisie heroorweeg. Ons het dit sterk oorweeg om ook soos Waterberg en Pretoria te doleer, maar daarteen besluit omdat dit kerkregtelik blote uiting van protes is. Genoemde kerke het sterk en ondubbelsinng lywige motiverings saamgestel waarmee ons ons vereenselwig het. In die wete dat ons eintlik strydig met KO Art 31 optree, het ons besluit om sekere ramings terug te hou en sekere verpligte kollektes nie in te samel nie. (Dit het later tot ons ore gekom dat ons nie die enigste kerk was wat tot sulke selektiewe gehoorsaamheid oorgegaan het nie.)

'n Ander saak waaroor ons bekommerd was, is die inhoudelike van die teologiese opleiding by die teologiese skool Potchefstroom. Veral die instemmende insluiting van menseregte wat ons nie bely nie, en die afskeep van die belydenisskrifte wat ons wel bely, is in 'n skrywe aan die kuratore geopper. Dit is onseker wat die situasie tans is en tot watter mate die kurrikulum gewysig is.

Voordat ons die besluit geneem het om ons van die GKSA los te maak, het ons verskeie kerklike begrippe bestudeer, veral dié van prof B Spoelstra in *Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering: Handboek by die Kerkorde.* Veral die duidelike verstaan van *kerk* is deeglik onder die loep geneem omdat dit ewe duidelik was dat veral die presbiteriale kerkbegrip dikwels skeef verstaan word. Dit is beklemtoon dat die plaaslike kerk (gemeente) die eintlike kerk is. ʼn Ander aspek wat heelwat aandag geniet het, was Kerkorde Art 31. Dr J Howel se uiteensetting in sy doktorsverhandeling dat die kerke kragtens die onderlinge akkoord verplig is om besluite van die Sinodes te eerbiedig, het die deurslag gegee. Dit waarmee ons nie kan en mag saamstem nie, is gevolglik in ʼn *Memorandum van Losmaking van die GKSA* verwoord.

Ds J Kirsten (emeritus) het hom ten tyde van die finale proses van motivering tot losmaking, om persoonlike redes as voorsitter onttrek. Ds Cobus de Kock het gevolglik as konsulent sedert Julie 2018 die kerkraadsvergaderings gelei tot met die finale losmaking by klassis Burgersdorp op 11 September 2018 te Steynsburg. Ons is besonder dankbaar vir die leiding, nugterheid en wysheid waarmee hierdie twee VDM's kalmte tydens die kerkraadsvergaderings verseker het.

Na afloop van die jongste Algemene Sinode in Januarie 2018, is uiteindelik op 23 Junie 2018 besluit om ons van die GKSA los te maak om as onafhanklike Gereformeerde kerk voort te gaan, o.a. omdat ons verset, asook dié van ander gemeentes en individue d.m.v. beswaarskrifte, oor jare teen onbybelse besluite, geen resultate opgelewer het nie en ons daarmee toenemend ervaar dat ons die kwaad subsidieer.

Dr. Jac Howell se verhandeling oor kerkorde art. 31 maak dit duidelik dat ons gebind is om die besluite van die sinode te onderskryf, selfs dié wat ons gewetens bind.

Daar is, soos hierbo berig, al van voor 2012 deur ons gemeente beswaar aangeteken oor die belydenisskrifte wat baie min aandag kry in die opleiding van predikante. Daar is belowe dat dit aandag sal geniet, maar tot sover is dit nog steeds nie hoog op die voorkeurlys nie. Uit die kerkgeskiedenis sien ons dat waar die belydenisskrifte nie hoog aangeslaan word nie, die suiwerheid van die leer agteruit gaan. As daar in al genoemde sake, ook dié in die Memorandum hieronder, nie ʼn verandering kom nie is ons bevrees dat die afdraande pad nie gekeer kan word nie, soos die kerkgeskiedeis ons leer.

ʼn Memorandum waarin die motiveringe redelik breedvoerig verwoord is, is aan elke lidmaat beskikbaar gestel en tydens twee vergaderings saam met die gemeente ter tafel gelê. Almal het nie met die besluit van die kerkraad saamgestem nie, sodat 10 lidmate na ander Gereformeerde Kerke attes aangevra het.

Die besluit van die Kerkraad het op die vergadering van die Klassis Burgersdorp gedien op 11 September 2018. Daarmee is die losmaking van GK Orania vanaf die GKSA amptelik voltooi, deurdat die Klassis amptelik aan die kerkverband daarvan kennis gegee het. Hierdie afsluiting het genadiglik in broederlike gesindheid plaasgevind.

Ofskoon ons belydend as ʼn Gereformeerde kerk wil voortgaan, sal dit onvanpas wees om onder die vaandel van Gereformeerde Kerk te bly vaar. Die kerkraad het na raadpleging met die gemeente op die naam Dordt Gereformeerde Kerk Orania besluit. Die redes is kortliks soos volg:

1. Ons staan sedert die saamgroepering in Orania in 1997 bekend as die Dordt-groep, (of die Dordt-gemeente), omdat die GKK nie die presbiteriale kerkorde van Dordt gehandhaaf het nie, maar ʼn losse bestuur waarin elke deelnemende kerk na eie goeddunke optree.
2. Die maandblad van die groep het die naam Dordt-Nuus gekry. Hierdie maandblad word steeds onderhou en word die afgelope jare ook per e-pos aan bykans 200 persone van uiteenlopende kerk-groeperinge versprei .
3. Ons gaan steeds voort op die pad van die Dordtse Sinode van 1618/19 wat kerkregering en belydenis betref. Die verskil met die GKSA is dat ons dit in onderworpenheid in die praktyk onder die besturende hand van die Here wil bly handhaaf.

# Eerste lidmate van Dordt Gereformeerde kerk Orania, Okt.2018



Van l na r: Voor: Dooplidmate Gerhardus Dawid (Gert-Dawid); Jeanette Hermina (Jana) en Daniël Ernst Tomlinson;
Sittende: ds Jacobus Kirsten (Koos); oudl. Gerdinand Lodiwikus Erasmus en eggenote Jeanette Cornelia Erasmus (néé Judels); sr. Christina Hendrina Havinga (néé Botha); br. Frans Abraham Jacobus Pretorius;
1ste ry staande: dooplidmaat Aletta Catharina Tomlinson (Cara); sr. Maria Elizabeth Johanna Grotius (néé Minnaar); br. Jan Johannes Michiel Jansen van Vuuren en eggenoot Hendrina Wilhelmina Jansen van Vuuren (Klein) (néé Venter); sr. Marie Georgia Pretorius (néé Higgs);
2de ry staande:diaken Gerhardus Dawid (Gerry) Tomlinson en eggenote Christina Johanna (Karin) (néé du Toit); br. Lodewikus Jacobus Venter (Wikus); br. Daniël Ernst (Daniel)_ Du Toit en eggenote Aletta Catharina (Rinie) Du Toit (néé Kriek); agter sr. Johanna Gorerdina (Jodina) Steenkamp (néé Van Eeden);
3de ry staande. Lance Lindenberg Tomlinson; br. Antonie Petrus Havinga; oudl. Pieter Adrianus Steenkamp;.br. Hermanus Havinga

# Eerste kerkraad Dordt Gereformeerde Kerk Orania, Okt. 2018



Van links na regs: Diaken Gerry Tomlinson, ds. Koos Kirsten, Oudle Gerd Erasmus en Pieter Steenkamp

## Oor die geskiedenis van ons Gemeenteblad

# Waarom Dordt-Nuus?

**Louis Schutte (uit Dordt-Nuus Aug. 2004)**

In 1998 is die Gereformeerde Kerk Koffiefontein versoek om advies tot die instituering van ’n selfstandige kerk te Orania te vra by Klassis Fauresmith in September van dieselfde jaar. Die te geïnstitueerde kerk sou as Die Gereformeerde Kerk Dordt bekend staan.

**Die motivering vir die naam was soos volg:**

Eerstens is so besluit omdat Orania destyds ’n negatiewe politieke konnotasie gehad het.

Tweedens is op die naam besluit om daarmee te sê dat die gereformeerdes in Orania gereformeerd wil bly en nie in ’n volkskerk wou opgaan nie. Dit was nodig aangesien van die gereformeerdes verwag is om met ander kerke saam te kom in eredienste, Gesange-boeke aan te skaf en ook gesange saam te sing. Die wat dit nie wou doen nie is van dieselfde valshede beskuldig as die gereformeerdes in die negentiende eeu.

Daarom is, soos met die herstigting van die Gereformeerde kerke in 1859, teruggegryp na die Groot Sinode van Dordrecht 1618/19, waar die gereformeerde leer vasgestel is. Dus is die naam Dordt gekies as getuienis dat ons by die “**leer, diens en tug”** van **Dordt** wil bly. Dit is die **ware gereformeerde leer** waarmee God Sy kerk hier geplant het, waaruit Hy die Afrikanervolk in aansyn geroep het. Die **“leer, diens en tug”** waarna die Voortrekkers, volgens die Eeufeesgedenkalbum van die Hervormde Kerk, wou terugkeer. (Volgens dié album was dit een van die hoofredes vir die Groot Trek.) Die **“Leer, diens en tug”** waarna by die herstigting van die Gereformeerde kerke in 1859 teruggekeer is.

**Om dié redes is die naam Dordt gekies en om geen ander rede nie!**

Baie gou nadat plaaslik, met goedkeuring van die kerkraad van Koffiefontein in September 1998, begin is met eredienste op Sondagoggende sowel as die aande, is maandeliks begin met ’n nuusbrief, asook kwartaalliks met ’n gemeenteblad, onderskeidelik “**Dordt-Nuus”** en “**Dordt-gemeenteblad”** genoem. Die gemeenteblad is later gestaak, weens gebrek aan tyd, maar ’n maandblad, **Dordt-Nuus,** het bly voortbestaan.

Met dié geskiedkundige agtergrond en gesien in die lig dat by ander kerke ook nie noodwendig die naam van die kerk vir hul blaaie gebruik word nie, is met die instituering van die Gereformeerde Kerk Orania in Oktober 2002 dit nie nodig geag om die Dordt-Nuus se naam te verander nie.

Aldus het die Dordt-Nuus die Dordt-Nuus gebly en wil ons nog steeds niks anders daarmee sê nie as dat ons gereformeerd wil bly, dat ons by die **leer, diens en tug van Dordt** wil bly soos in 1859.

<u>Gehoorsaam aan die Skrif wil ons net</u>**: “Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het,”** 2 Tim.3:14

<u>Daarom wil ons net</u> **: “Psalmsing tot eer van God, psalmsing! Psalmsing tot eer van ons Koning, Psalmsing!** Ps.47:7

<u>Ons bely</u> **: “Ons mag God op geen ander manier vereer as wat Hy in Sy Woord beveel het nie.”** HK So.35.

<u>Die Dordtse Kerkorde, soos gewysig, reel</u>**: In die kerke moet alleen die 150 Psalms,** die Tien gebooie, die Onse Vader, die Twaalf Artikels van die Geloof, die Lofsange van Maria, Sagaria en Simeon **gesing word.** Art 69.

<u>Omdat</u> **: “Ja, God is my heil, ek sal vertrou en nie vrees nie; want die <u>HERE HERE is my krag en my psalm,</u> en Hy het my tot heil geword.** Jes.12:2.

**<u>DAAROM SAL DIE TOT STAND GEKOME</u>**

**<u>DORDT GEREFORMEERDE KERK ORANIA (Los van GKSA)</u>**

**<u>OOK VOORTGAAN OM HAAR GEMEENTEBLAD DORDT-NUUS TE NOEM</u>**

* * * * * * *

# Totstandkomings-akte
# van
# Dordt Gereformeerde Kerk Orania
## (Los van GKSA)

Hiermee word bevestig dat die HERE al geruime tyd deur Sy Woord en Gees alhier vir Hom ’n gemeente versamel, beskerm en onderhou het, wat haar nou van die GKSA losgemaak het weens die onskriftuurlike besluite wat deur verskeie GKSA sinodes oor baie jare geneem is en wat ons nie langer mag ondersteun en befonds nie. Dit het plaasgevind na kerkraadsbesluite op 8 April en 23 Junie 2018, en wat op 11 September 2018 voor die klassis Burgersdorp gedien het en waarmee die losmaking finaal geword het. Alleen aan God die eer en dank vir Sy bewaring tot nou toe.

## Verklaring: Deur die genade van die HERE en so lank dit Hom behaag

1. Ons gaan voort as ’n Gereformeerde kerk in belydenis en kerkorde.
2. Ons onderskryf die drie formuliere van eenheid omdat dit in ooreenstemming met die Bybel is, nl. die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls.
3. Kerkordelik bind ons ons aan die gees van die Dordtse Kerkorde.
4. Ons handhaaf vorige toepaslike besluite van die GK Orania, nl.
   * Amptelike gebruik van die 1933/55 vertaling van die Bybel;
   * Gebruik van die Totius-beryming van die Psalms;
   * Nagmaal word aan ’n gemeenskaplike tafel met gemeenskaplike bekers gevier soos Christus dit ingestel het;
   * Slegs mannebroeders word tot die ampte van diakens en ouderlinge verkies;
   * Lidmate mag nie aan vertroulike organisasies soos bv. die Afrikanerbond of Vrymesselaars behoort nie;
   * Ons verwerp enige verklaring van Menseregte as strydig met die Bybelse liefdesgebod;
5. Ons reël twee eredienste per Sondag, een by voorkeur leerprediking uit die belydenisskrifte;
6. Ds J Kirsten bedien die Woord twee maal per maand, ook die sakramente en die Bybelstudie en tree as voorsitter by kerkraadsvergaderings op, dienste waarvoor ons baie dankbaar is;
7. Die kategetiese onderrig van die kinders gaan normaalweg voort;
8. Die Susters gaan normaalweg voort met hul dienswerk soos in die verlede;
9. Die woordbediening en barmhartigheidswerk by die Bruin gemeenskap van Philipvale gaan voort.

**Posadres:** Dordt Gereformeerde Kerk Orania (Los van GKSA)
Posbus 175
ORANIA
8752

**Adres van kerkgebou:** Die Ouditorium
CVO Skool
Orania

**Ampte:** Predikant : ds J Kirsten (Koos) emeritus, as hulpdiensprediker
Ouderlinge: GL Erasmus (Gerd) (skriba en attes skriba) en PA Steenkamp (Pieter)
Diaken: GD Tomlinson (Gerry)

**Diensreëlings:**

| | | |
|---|---|---|
| Eredienstye: | Sondagoggende 10:00; | Sondagaande 18:00 |
| Katkisasietye: | Sondagoggende 9:00 | |
| Bybelstudietye: | Woensdagaande: 19:00 | |

# Gereformeerde Kerk Orania
# Memorandum van losmaking van die GKSA

**1. Opsomming:**

Hierdie memorandum gee die redes aan waarom die Gereformeerde Kerk Orania besluit het om haar van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika (GKSA) los te maak om voort te gaan as gereformeerd-Calvinistiese kerk ooreenkomstig belydenis van die Dordtse Sinode van 1618/19 en die herstigting van die Gereformeerde Kerk(e) in Suid-Afrika in 1859.

Die motivering sentreer rondom besluite van die GKSA in Nasionale en Algemene Sinodes sedert veral 1985. Ten spyte van volgehoue twis met ons moeder (Hos.2:1), het daar geen kentering gekom nie. Hiermee vertoon die GKSA toenemend die kenmerke van die valse kerk (NGB Art 29) waarvan ons moet afskei,

Ter selfde tyd moet ons die wese van kerkwees as liggaam van Christus in oënskou neem in die besef dat ons diensknegte van God is. Alles moet om die eer van God gaan Wie ons daagliks tot bekering roep en verplig. Losmaking is geen verheffing nie maar verootmoediging.

**2. Motivering tot losmaking**: Sinodale handelinge

**2.1 Sinode-besluite waarvan die <u>toepassing</u> by gemeentes berus:**

2.1.1.Aanvaarding van die Nuwe Afrikaanse Bybel (NAV) in 1985

2.1.2.Aanvaarding van die TT Cloete omdigting van die Psalms in 2003

2.1.3 Aanvaarding van talle sg. Skrifgetroue liedere vir kerklike gebruik.

2.1.4 Aanvaarding van alternatiewe vorms van nagmaalbediening strydig met die Bybel.

2.1.5 Toelating van vrouediakens in 2003.

2.1.6 Memorandum van samewerking met die NGK in 2015 (Ook van toepassing by par 2.2)

**2.2 Sinode-besluite waarvan die toepassing <u>nie</u> by gemeentes berus nie maar by sinodale deputate:**

2.2.1.Aanvaarding van 'n *Verklaring van Menseregte* in1985 en besluite daarna.

2.2 2 Deelname aan die Parlementêre Lessenaar van die NGK in 2003

2.2.3 Inskakeling by die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke in 2006

**2.3 Standpunt oor Evolusionisme**

**2.4.Verdringing van Afrikaans by Sinodesittings**

**3. Waarvoor ons staan**

**4. Verantwoording**

## <u>Uiteensetting van par 2, 3 en 4 hierbo</u>

## 2. Motivering tot losmaking: Sinodale handelinge

**2.1 Sinodale Besluite waarvan die <u>toepassing</u> by gemeentes berus:**

**2.1.1 Aanvaarding van die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV) van die Bybel in 1985**

Die belang van hierdie beswaar is geleë in die feit en belydenis dat God twee middele gebruik om Hom aan ons te openbaar, nl. Sy Woord en Sy skepping (NGB Art. 2). Dit is dus noodwendig dat hierdie Woord betroubaar moet wees. Die betroubaarheid is deur die satan vanaf die begin ondergrawe met die woorde "Het God gesê?" (Gen 3:15). Hierdie stryd tussen waarheid en leun is ook die stryd van die kerk van Christus deur die eeue.

Hierdie stryd woed op hoofsaaklik twee vlakke: die bepaling van die betroubare grondteks en die betroubare vertaling van die betroubare grondteks.

**2.1.1.1** Die eerste saak is/was die bepaling van die kanonieke boeke (kanon=maatstaf). Dit was nodig omdat daar heelwat sg. apokriewe boeke in omloop gekom het in die voor- en na-Chritelike literatuur. (apokrief = geheime geskrifte). Hierdie geskrifte is nie in Joodse of Christelike tye aanvaar as Woord van God nie. Die aspek van apokriewe raak nie hierdie motivering nie.

**2.1.1.2** Die oorspronklike geskrifte – die sg. outograwe – het met die tyd verlore geraak. Slegs afskrifte daarvan bestaan. Die betroubare Hebreeuse Masoretiese Ou Testament lewer nie baie probleme op nie. Vir die Nuwe Testamentiese Bybelvertaling is wêreldwyd tot ± 1880 die Griekse *Textus Receptus* gebruik. Dit is die teks wat uit die Hervorming dateer en is saamgestel uit die Meerderheidsteks. Die Afrikaanse Vertaling van 1933/53 het ook hierdie grondteks gebruik.

Vir die Nuwe Testament gebruik die BSA (Bybelgenootskap van Suid-Afrika) vir die Nuwe Afrikaanse Vertaling (1983/91) en ook die nog onvoltooide Direkte Vertaling by voorkeur die Griekse

grondteks wat deur die United Bible Societies (UBS) saamgestel is. Hierdie grondteks maak by voorkeur gebruik van die sg. Kritiese of Minderheidteks wat saamgestel is uit die Minderheidmanuskripte, ook bekend as die Alexandrynse manuskripte.

**Opsommende vergelyking van die Meerderheid- en Minderheid-(Alexandrynse) Manuskripte**

| **Meerderheidmanuskripte** | **Minderheidmanuskripte** |
|---|---|
| 1. Meer as 6000 bekend | Ongeveer 50 is gevind |
| 2. Gevind oor ‘n groot geografiese gebied | Oor ’n beperkte gebied gevind, nl. Egipte |
| 3. Dateer uit 1ste tot 15de eeue na Christus | Dateer *na bewering* uit ± 200- 600 nC |
| 4. Verskil minimaal van mekaar | Verskil onderling op honderde tot duisende plekke |

Die hoofsaak is dat die Meerderheidteks aan die Bybelse norme ten opsigte van betroubaarheid beantwoord, nl. dat die getuienisse (manuskripte) eenstemmig moet wees (Matt.18:16; 2 Kor.13:1; Deut.19:15). Die besondere sorg waarmee die oorskrywers van die Meerderheidsteks (Masoretiese) oor eeue gewerk het, bevestig ook wat God self gesê het nl. dat Hy sy Woord bewaar en opdrag gegee het dat ons sy Woord moet bewaar (Deut 33:9; Ps 119:101; Joh 14:23, 24; Op 3:10). Ten spyte daarvan dat daar duisende manuskripte oor ver uiteenliggende gebiede en oor baie eeue dateer, lewer hulle dieselfde getuienis.

Hierteenoor is die Minderheidteks saamgestel uit manuskripte wat onderling van mekaar sowel as van die Meerderheidteks op duisende plekke verskil. Teoreties moes dit minder as die Meerderheidteks van mekaar verskil omdat dit min in getal, vanuit ‘n klein gebied en oor ‘n korter tydsbestek geskryf is. Nogtans vergoeilik die samestellers én die vertalers hierdie verskille as onbelangrik en onbenullig. In lyn met die ketters Westcott en Hort, word verskille juis as bewys van egtheid van die manuskrip aanvaar omdat oorskrywers (noodwendig) foute maak.

Omdat die Meerderheidstekste so eenstemmig is, ken die teksnavorsers (tekskritici) dit slegs een stem toe teenoor die Minderheidstekste wat vanweë hule verskille, elkeen een stem toegeken word. So word die sowat 6000 prakties teenoor die 50 afgeskryf as 1 teen soveel as 50.

Die belangrikste argument ten gunste van die Minderheidteks is die beweerde ouderdom van die gebruikte manuskripte – hoe ouer hoe meer waarskynlik naaste aan die outograwe (oorspronklike geskrifte waarvan geeneen behoue gebly het nie, slegs afskrifte). Twee Alexandrynse manuskripte waaraan ‘n oorweldigende groot gewig toegeken is in die vasstel van die UBS-grondteks, is die Kodeks Vatikanus en die Kodeks Sinaïtikus, wat beweer is uit die 4de eeu n.C. dateer. Dit het in 2016 weer aan die lig gekom dat die Kodeks Sinaïticus ‘n vervalsing is van ‘n 1840-dokument en Kodeks Vaticanus ook ‘n vervalsing, blykbaar in die eerste helfte van die 15de eeu (Bill Cooper, *The Forging of Codex Sinaiticus*, 2016). Kodeks Sinaiticus is op allerhande fisiese en chemiese maniere geskend en toe valslik aangebied as komende uit die 4de eeu en wat in bewaring gebly het in die Klooster van St Catherina in die Sinaï skiereiland. Die Roomse (Jesuïte) het klaarblyklik ‘n prominente rol gespeel in hierdie vervalsing.

[<u>Tekskritiek</u> *is die wetenskap wat die oorspronklike teks uit die verskeidenheid beskikbare manuskripte saamstel.*

<u>Skrifkritiek</u> *is die wetenskap wat die historiese betroubaarheid van die Bybelboeke probeer bepaal, maar in werklikheid bevraagteken]*

Daar is oorvloedige bewyse dat die <u>samestellers</u> van die Minderheidteks – eers die Nestle-Alant teks en later die UBS-Griekse Nuwe Testament tekste – krities staan teenoor die Bybel as Woord van God en dikwels vir die mins waarskynlike teks kies bloot om die verskeidenheid te beklemtoon, maar veral omdat hulle skrifkrities ingestel is. Die meeste van hiertdie samestellers verwerp die Bybel as Woord van God. Sulke bome kan tog nie goeie vrugte voortbring nie (Matt. 7:15-20; 12:33-35), en tog word juis hulle kritiese teks die afgelope 80 jaar wêreldwyd en ook in Suid-Afrika as die beste aangeprys en aanvaar deur die Bybelvertalers. Besware en beswaarskrifte by die GKSA se Nasionale en Algemene Sinodes (o.a Acta 1976, 1982, 1991, 2003, 2009, 2012) het misluk, met die versekering dat die Textus Receptus wel in aamerking geneem word – maar met die voetnota: *In die gebruikte grondteks* (=Kritiese teks) *ontbreek die vers/woorde:... bv. Mat 6:13; 17:21; 18:11; 23:14; Mar 7:16; 9;44 &46; 11:26; 15:28; 16:9-20; Luk 17:36; 23:17; Joh 5:4; 7:53-8:11; Han 8:37;15:34; 24:7; 28:29; Rom 16:24* ens. in die NAV en Direkte vertaling.

LW Hierdie lys sluit honderde ontbrekende <u>versgedeeltes</u> wat in hierdie vertalings voorkom, uit.

**2.1.1.3** Die volgende faset van betroubaarheid van ‘n vertaling, is die Bybelse beoordeling van die betroubaarheid van die vertaalwerk self. Beswaarskrifte na Sinodes oor hierdie aspek van die NAV, is ook afgewys as onvoldoende of ongeldig (Vgl. verwysing na Acta in vorige paragraaf). Dit bly ’n

onbetwisbare feit dat die NAV (1983/91) nie aan die vereistes wat Sinode 1970 p302 ev, 1976 p563 ev- gestel het, voldoen nie. Onder andere moes dit

1) nie dinamies-ekwivalent wees nie;

2) die name van God onderskeidend vertaal;

3) die koloriet (beeldrykheid en digterlike segging) sover moontlik behou moet word.

Weens die keuse vir die onbetroubare Minderheidteks (Kritiese) as grondteks en die toepassing van hoofsaaklik dinamies-ekwivalente vertaalmetode, bevat die NAV talle weglatings en byvoegings, iets wat God uitdruklik in sy Woord verbied (Deut. 4:2; Op. 22:18, 19, lg met die ernstige verbondswraak: *....dan sal God sy deel wegneem uit die boek van die lewe en uit die heilige stad en uit die dinge waarvan in hierdie boek geskrywe is..).* Die name van God as *HERE* [EK IS WAT EK IS/Verbondsgod] en *Here* [Baas of Meester] in die Ou Testament, na net *Here* in die NAV, verskraal die openbaringsbetekenisse van God se name in sy Woord en kom neer op meer as 6000 verbode weglatings.

Hierdie voorbeelde dien om aan te toon dat die NAV wat naas die OAV gestel word as Woord van God deur Sinodes 1985/91, die wese van die kerk, nl. navolging van God ooreenkomstig sy Woord, ernstige inbreuk maak op die GKSA se Skrifbeskouing en daarmee gepaardgaande belydenis in bv NGB Art. 2, 3, 5 en 7.

**2.1.1.4** Die Verenigde Bybelgenootskap (United Bible Societies = UBS) is die Wêreldraad van Kerke (WRK) se 'Bybelgenootskap-vleuel'. Aartbiskop Ramsey was van 1964 tot 1967 President van beide die WRK en die UBS. Ramsey was ten gunste van die hereniging van die Anglikaanse kerk en die Roomskatolieke. Die beginsellose UBS werk met enige denominasie saam, van Unitariërs tot Metodis tot Roomse. Die BSA (Bybelgenootskap van Suid-Afrika) se konstitusie, het volgens Wet nr.15 van 1970 ART.3(2) nie 'n grondslag soos ons dit verstaan nie, net **oogmerke** wat lui: "Geen vertaling of uitgawe van die Bybel mag 'n dogmatiese of leerstellige aantekening bevat nie" (Wet nr.15 van 1970:202). Verder moet die medewerkers uit verskillende kerkverbande wees, maar dit word nie gespesifiseer dat hulle Protestante of Calvinisties moet wees nie, selfs nie eers dat hulle Christene moet wees nie. Vertaalkeuses word duld bepaal deur demokratiese proses en nie dogmaties nie. Die BSA (Bybelgenoodskap van Suid-Afrika) is ook lid van die UBS. Die UBS ondersteun slegs bybelvertalings wat op die Minderheidsteks gebaseer is.

**2.1.2 Aanvaarding van die TT Cloete-omdigting van die Psalms**

*Die opmerklike is dan ook dat waar daar afwyking in die leer is, is daar afwyking van die Psalms af.* (LS Kruger,1979, Ek sing 'n lofsang by my snare, Red. TG van Wyk).

**2.1.2.1** Deur die kerkgeskiedenis heen het telkens geblyk dat vervlakking in die kerklied gevolg en oorsaak was van vervlakking of humanisering van die kerkvolk. *Daar waar Gereformeerde kerke nog stry vir die gereformeerde belydenis, daar staan ook die Psalmboek in die brandpunt van hulle stryd* (Anon). Die aandrang op 'n alternatiewe Psalmomdigting was telkens die sg. onverstaanbaarheid van die Toius-beryming en daarom eenvoudiger taal vir groter verstaanbaarheid en meelewing vir die kerkganger. Dieselfde is van die Ou Afrikaanse Bybelvetaling gesê.

Psalmberyming dra altyd 'n mate van vertolking met hom saam, maar die Totius-beryming is selfs in die Nederlandse gereformeerde kerkgemeenskap aangeprys as besonder getrou aan die grondteks. Daar was pogings om verouderde woorde en Hollandismes uit die Totius-beryming te verwyder, maar o.a. het verskille in die mate waarin hierdie beryming gewysig kon word, hierdie poging laat misluk.

**2.1.2.2** Die Cloete-omdigting gaan van dieselfde standpunte uit as wat by die voorgaande paragraaf 2.1.1 vir die NAV geld, nl parafrasering, ignorering van die onderskeidende Godsname, grootskaalse afskaling van Bybelse idioom en opsetlike verwydering van die Christosentriese heenwysing in die Psalms. **Ongeveer 'n derde van die 150 Psalms se inhoud is in die omdigting weggelaat. Die Onderskeie Name van God word willekeurig gebruik en die inkorting van die sg. wraakpsalms beteken weglatings uit die woord van God volgens menslike voorkeur (omdat God '*n God van liefde* is?).** Verset en beswaarskrifte teen die Cloete-omdigting het op Sinodes op dooie ore geval, altans volgens demokratiese regeerreg.

Die Gereformeerde grondbeginsels vir beryming van skrifgedeeltes is deur die 2001-omdigting omvergewerp. Die betrokke grondbeginsel eis dat daar so getrou as moontlik aan die volledige grondteks van die Bybel gehou moet word. Hierdie grondbeginsels is al vir meer as 400 jaar konsekwent deur die wêreld toegepas (Frankryk, Switserland, Nederland, Skotland, Engeland, Noord-Amerika, Korea en Suid-Afrika in die Totius-berymings)

**Die verskil tussen beryming en omdigting:**

- **Beryming wil so na as moontlik aan die grondtaal en sy koloriet bly;**
- **Omdigting is as't ware 'n nuwe skepping. Dit beteken net dat dit 'vrye gedigte' is, na aanleiding van die Psalms wat nie noodwendig die oorspronklike hoef te volg nie.**

**2.1.2.3** Soos met die 1953-Vertaling van die Bybel gebeur het, word die Totius-beryming geleidelik – wel genadiglik in 'n veel minder mate as met die Bybelvertaling – deur die Cloete-omdigting verdring. As dit 'n voordelige verdringing was, goed en wel, maar dit is telkens 'n weerspieëling van humanisering en vervlakking van die Woord van God. Dit kom neer op veranderde Gods- en Skrifbekouing strydig met die ontsag vir God en sy Woord soos in die Bybel openbaar en geleer word en wat ons in die Belydenisskrifte bely.

**2.1.2.4** Soos die geval was met die NAV, sal ook hierdie besluit tot die geleidelike verplasing van die Totius-beryming lei. In die NG- en Hervormde Kerk word die Totius-beryming al minder gehoor.

Die Sinodes het vir alle praktiese doeleindes, met opgaaf van redes, nie die 2001-omdigting gekeur nie, maar vir die verantwoordelikheid van die kerke vir gebruik aanbeveel. Art. 69 reël dat alles wat in die erediens gesing of nie gesing word nie, deur die kerke gesamentlik goedgekeur moet word. Die besluit wat die sinode geneem het, werk nie alleen independentisme in die hand nie, maar veroorsaak praktiese verhindering van vrymoedige beleweing van kerklike gemeenskap. Die sinodebesluit skeur die kerkegemeenskap (uit *Sola Scriptura!* 2003, GK Die Kandelaar).

- Die sterk opkoms van die tolleransiegees (verdraagsaamheid as Christelike deug!?) in 18de eeu wat die kerke van die Belydenisskrifte wou losmaak, is al hoe meer propageer. (In die praktyk is toleransie om in die teologie en die kerk ander standpunte wat van die Belydenis afwyk, te verdra) Die Psalmberymings van Datheen en Marnix van St Aldegonde het al meer 'n steen des aanstoot geword. In 1773 het die Nederlandse regering 'n **vrysinnige** Psalmberyming afgedwing wat deur 9 staats-aangestelde liberale predikante opgestel is. Hierdie geskiedenis is met die Omdigting herhaal, maar volgens die tolleransie aan die kerke oorgelaat.

**2.1.3. Invoer van ander liedere (Gesange) vir kerklike gebruik**

"Haar [die geskiedenis se] onwraakbare getuienis is dat geen kerk streng gereformeerd gebly het wat die gesange gebruik het nie. Daar was steeds wisselwerking. *Die losheid in die leer roep om die gesange, en die gesange roep om die losheid in die leer"* (Totius en Cachet; Waarom sing die Gereformeerde Kerke alleen die Psalms, vertaal deur S Le Cornu; Esra Verslag 7 nr 41, 199).

Diegene wat die Dordtse Kerkorde vaarwel sê en losser omgaan met die Gereformeerde leer, is die 'de Gesange behielden' (Totius en Cachet). "... de warme voorstanders van gezangen gewoonlik worden gevonden in de kring van hen, *die niet of minder zuiver waren in de leer"* (prof. PBieterveld; ibid).

"Wat Augustinus gesê het is waaragtig, dat iemand slegs iets kan sing wat God waardig is, wat hy ook van God moes ontvang het. Daarom sal ons ook na ons orals gesoek en nagespeur het, geen beter liedere vind, wat meer geskik is as die Psalms van Dawid, wat deur die Heilige Gees geïnspireer is nie."(JD du Toit & JL Cachet, vertaling S Le Cornu, Reformator-reeks nr.1, p.25)

**2.1.3.1** By die Sinode van Dordrecht 1618-1619 wou die Sinode suiwer lyne trek deur net die Psalms vir kerklike gebruik toe te laat. Maar die Staats-ordenansie het onder invloed van die Remonstrante bepaal dat naas die 150 Psalms, sekere berymde Skrifgedeeltes ook gesing moes word. Die sinode moes hiermee rekening hou want hulle het met die goedkeuring van die staat vergader en verder moes die owerheid ook die Kerkorde goedkeur. In die lig hiervan bepaal **Art.69 van die Dordtse Kerkorde** die volgende: (D)at alleen die 150 Psalms, die Tien Gebooie, Onse Vader, die Lofsange van Maria, Sagaria en Simeon gesing sal word. Die gesang "o God wat ons Vader is" word aan die vryheid van die kerkrade oorgelaat. Ons kan sê dat hierdie by name genoemde gesange by wyse van vergunning toegelaat is, want daar is verder bepaal dat "Alle ander Gezangen zal men uit die Kerken weeren en waar er reeds enige ingevoerd zijn, zal men ze met de vroegste middellen afskaffen". (LS Kruger, 1997:114 Totius en Cachet, 2003: 25)

KO Art 69 van die GKSA bepaal aan die einde: *ander skrifberymings en Skrifgetroue liedere wat die sinode goedgekeur het, word aan die vryheid van die kerke gelaat.*

"Die invoering van Skrifberymings is dus teken van deformasie in die Geref. Kerke en nie dié van reformasie nie, want die lied is immers die siel van die kerk" (LS Kruger in *Ek sing 'n Lofsang by my Snare*, 1979:114)

**2.1.3.2** Sedert die herstigting van die Gereformeerde Kerk(e) in Suid-Afrika in 1859, is lank *teen* die gebruik van Gesange vir kerklike gebruik gestry. In Nederland het die 1773 Psalmboek weens die toleransiegees nog nie bevredig nie sodat in 1796 weer 'n aanslag op die kerklied in die erediens

gemaak is met die begin van 'n gesangeboek buite die Bybel en in 1805 is die "Evangelische Gezangen" goedgekeur en is dit van owerheidsweë verpligtend gemaak dat ten minste een Gesang by elke erediens gesing moes word. Net so word Gesange verpligtend gemaak op 11 Jan 1859 by die Algemene Kerkvergadering van die Hervormde Kerk in die ZAR. (Die Hervormde Kerk was toe staatskerk in die ZAR.)

**2.1.3.3** Die Psalms is toenemend as onvoldoende tipeer om die Nuwe Testamentiese lofsang te verwoord. As hierdie argument geldend is, is dit veelseggend dat Christus aan die kruis verskeie Psalms aanhaal (veral Ps 22). In Openbaring 15:3 is dit die lied van Moses wat gesing word met aanhalings uit Pss 111:2, 7; 86:9; 139:14; 145:17.

**2.1.3.4** Eers is omdigting van Ou- en Nuwe Testamentiese <u>Skrifgedeeltes</u> goedgekeur, later is die vereiste versag tot <u>Skrifgetroue</u> liedere. Laasgenoemde laat toenemend ruimte vir eie en demokratiese interpretasie van wat Skrifgetrou is. Die inskakeling van die nie-blanke kerke in 2006 tot meerdere vergaderings, het ook KO Art. 69 geraak omdat die nie-blanke kerke met hul sg. Sionsliedere 'n verdere hefboom gebied het vir uitbreiding van die "liederskat". Sinode 2018 het die kerklike liedere tot meer as 200 opgestoot, met nog steeds die bepaling dat die gebruik daarvan (KO Art 69) deur die kerke self bepaal kan word.

Die polarisasie in die GKSA groei. Waar 'n lidmaat voor 1985 haas enige Gereformeerde erediens kon binnestap en tuis voel, neem vervreemding toe tot die vlak van vreemdheid en weersin vir diegene wat nie met die 'vernuwings' kan saamgaan nie, (en moontlik omgekeerd ook). Dit is 'n droewige werklikheid want die liedere wat God self in sy Woord gegee het – die Psalms – en die getroue Totiusberyming daarvan, bly van die aangrypendste uitinge van die hele menswees voor die HERE, sowel as die Geesgedrewe profetiese openbaringe sodat Christus o.a. kon kon sê dat ook die Psalms van hom getuig (Luk 24:44).

**2.1.4 Aanvaarding van alternatiewe vorms van Nagmaalbediening**

[Hier gaan dit oor die vervanging van die gemeenskaplike beker met individuele kelkies en die wegdoen met die gemeenskaplike tafel. Die gemeenskaplike tafel is blykbaar nog deels in gebruik by sekere gemeentes.]

Strydig met die wyse waarop Christus die Nagmaal ingestel het (Mark.14:22-26; 1 Kor. 11:23-29), het Sinodes 2003 en 2009 ruimte gelaat vir alternatiewe, naamlik die gebruik van kelkies al is aan die beker prinsipieel voorkeur gegee. Die byna willekeur van gemeentes/kerke met die instelling van kelkies naas die gesamentlike beker, kan egter nie direk aan die deur van Sinodebesluite toegeskryf word nie.

Die wye gebruik van kelkies in Gereformeerde Kerke dra by tot die ervaring van vervreemding tussen gelowiges in verskillende gemeentes en dus toenemende ontuisheid in die GKSA-verband.

Die nagmaal word in baie GKSA-gemeentes nie meer gevier soos Christus dit ingestel het nie, in lyn met die kenmerke van die valse kerk NGB Art 29.

**2.1.5 Toelating van vrouediakens in 2003.**

In lyn met die postmodernisme met sy klem op die individu en eie belange eerste, insluitend feminisme met verwerping van die bybels-patriargale gesagstrukture, en daarmee saam vervreemding van die begrippe diensbaarheid en geroepenheid, is veral minder jongmanne bereid om in die ampte te dien. Pragmaties, strydig met die Woord van God, (Han 6:1-6; 1 Tim. 3:8-13 ens), is vroue tot die diens toegelaat – weereens in die vryheid van elke kerk. Hierdie vryheid skep verdeeldheid en word beklemtoon by klassise waarheen nie net ouderlinge (KO Art 41) nie maar dikwels ook diakens afgevaardig word. Wat sou diakonesse as afgevaardigdes verbied?

Ons is dankbaar dat Sinode 2018 toelating van vroue tot die regeeramp afgewys het. 'n Aantal gemeentes het te kenne gegee dat hulle sal voortgaan om vroue as ouderlinge te bevestig. Dit verbreek kerklike eenheid.

**2.1.6 Die Memorandum van Ekumeniese Verhouding tussen die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika en die Nederduitse Gereformeerde Kerk (2015)**

Gesprek tot nouer bande en selfs eenwording tussen die GKSA- en NGK deputate strek oor baie jare. Telkens is op verskille in veral Skrifbeskouing en kerkregering klem gelê. Die afgelope twee dekades of so word die gesprek toegespits op samewerking om daaruit tot groter gemeenskaplikheid te kom. Hierdie Memorandum lys dan ook die talle wyses van samewerking en dui per bylae aan dat verskeie besluite van GKSA-Sinodes bv attestate, lidmaatskap, doop, nagmaal, en kanselruil moontlik was, en ook plaasgevind het, omdat die besluit daaroor by plaaslike kerke berus en nie sinodaal voorgeskryf of verbied is nie. Hierdie Memorandum is daarom slegs voorbereidend tot volle ekumeniese eenheid.

Die probleem lê vir ons daarby dat die liberaal-humanistiese houding van die NGK tov Skrifbeskouing, onbybelse belydenis van die Vryheidsteologie soos die Belhar, etiese vraagstukke soos homoseksuele verhoudinge en selfs huwelike, toelating van homoseksueles tot die ampte – ook van predikant - , vroue as ouderlinge en predikante, kindertoegang tot die nagmaal, gebrekkige tug toepassing, geheime organisasies ens., juis die tipering as valse kerk versterk, tendense wat ook in die GKSA voorkom en toenemend vervreemding bring.

Die Memorandum-gedrewe samewerking met die NGK sal eerder die dwalinge in die GKSA versterk. Die redes waarom in 1859 van die NGK in die Kaapprovinsie en Vrystaat en die Hervormde Kerk in Transvaal geskei is, was veel minder as die verskille wat tans sigbaar is. Dit is nie die voorneme in die Memorandum van ekumeniese verhouding met die NG Kerk om die NGK tot inkeer te bring nie, veel eerder het die praktyk bewys dat dit die vrysinnigheid in die GKSA sal versnel. Vroue in die regeeramp en die LGTG-agenda (lesbies-gay-transgeslag), kindernagmaal ens. sal sekerlik weldra druk begin uitoefen, selfs van owerheidsweë as sou uitsluiting strydig wees met die RSA-grondwet wat diskriminasie op grond van geslag en godsdiens verbied..

KO Art. 52 bepaal in elk geval: *Kerklike korrespondensie en samewerking of kontak met kerke en kerklike instansies buite die algemene sinodale verband, word in 'n algemene sinode gereël.* Sinode 2018 laat dit omonwonde in die hande van die plaaslike gemeentes.

**2.2 Besluite van Sinodes vir <u>toepassing</u> deur <u>deputate</u>, nie die lidkerke self nie**

**2.2 1 Die aanvaarding van 'n Verklaring van Menseregte in 1985.**

* Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode (GES, RES in Engels) het in 1984 te Chicago, VSA, 'n studiestuk *RES testimony on human rights* aanvaar. Die GKSA-deputate na daardie Sinode het daaroor rapporteer by die Nasionale Sinode 1985. Die Sinode besluit: *Die Sinode spreek sy hoë waardering uit vir die insiggewende en deeglike rapport "RES testimony on human rights", en oordeel dat dit 'n unieke en waardevolle bydrae vanuit 'n suiwer Gereformeerde gesigspunt oor die veelbesproke tema van menseregte bevat. .... en beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n eie Skrifgebonde perspektief."*(p651 par 3.8.1) <u>Die laaste twee hoofstukke van genoemde studiestuk,</u> genaamd *Pastoral statement: A call to commitment and action* en *Decleration on human rights* is deur die 'sinode' as pamflet na lidkerke gestuur nadat dit in Afrikaans vertaal is (par 3.8.2).

* 'n Beswaarskrif van GK Die Kandelaar teen hierdie besluit na Sinode 1988 is in geheel *prinsipiëel* afgewys. <u>Daarmee is per konsekwensie bevestig dat die GES-verklaring oor menseregte deur Sinode-1985 aanvaar is</u>.

* In 2009 dien GK Orania 'n beswaarskrif by die Algemene Sinode teen hierdie 1985 menseregte besluit in. Die beswaar word op tegniese gronde afgewys omdat Sinode-1985 sogenaamd <u>nie</u> die verklaring van menseregte aanvaar het nie. Die prinsipiële besware is gevolglik nie eers oorweeg nie. 'n Beswaarskrif teen hierdie beslissing by Sinode 2012 slaag nie.

* Algemene Sinode 2012 dra aan Deputate Ekumenisiteit – Owerheid op om 'n Christelik-Reformatoriese perspektief op fundamentele regte op te stel ten einde sinvolle gesprek met die Owerheid en ander publieke rolspelers te kan voer. (Die Bybel is dus ontoetreikend, strydig met die bedoeling van KO Art. 28 - sien later).

* Die Deputate kon nie sodanige opdrag aan Sinode 2015 voorlê nie. By die Algemene Sinode 2018 lê die Deputate in 'n aanvullende rapport 'n definisie voor wat nie aanvaar is nie. Nadat 'n voorlegging 'n tweede keer verwerp is, bring die deputate 'n sekulêre definisie wat aanvaar word as tussentydse werksmodel vir die Deputate Skakeling met die Owerheid.

Hieruit is dit duidelik dat die genoemde Deputate sowel as 'n sinodale ad hoc kommissie <u>nie</u> 'n Christelik-Reformatoriese definisie van menseregte kon formuleer nie en die GKSA daarmee genoeë neem. **Die GKSA getuig dus met 'n sekulêre definisie as vertrekpunt, strydig met die belydenis NGB art 36 en strydig met sy roeping KO Art 28 en 36 teenoor die owerheid, dat die kerk(e) met die Skrif moet getuig (KO Art 30)**.

<u>Die aanvaarding van humanistiese 'standaarde' van menseregte en weiering om daarvan afstand te doen, beteken dat ons die Woord van God ontoereikend ag om die tweede tafel van die wet van God na te leef. Die opdrag van God om ons naaste lief te hê soos onsself, moet plek maak vir 'n mensgesentreerde regstelsel van menseregte. Gehoorsaamheid daaraan bepaal dan ons gehoorsaamheid aan God. Die mens bepaal dan dat die mens as beelddraer van God, sy roeping vervul deur die regte van ander te eerbiedig.</u> Dit klink so mooi. Daarmee keer ons die orde wat God gestel het om. Die liefde wat Hy vir ons openbaar om diensbaar aan ons naaste te leef, word gelyk gestel aan menslike waardigheid en in besit van onvervreembare regte i.p.v. dankbare diensbaarheid. Teenoor liefde tot die naaste, staan nou eisend en uitdagend: elkeen het die reg tot lewe, werk, woonplek, onderwys, rykdomme van die land (soos grondeise en nasionalisering van nywerhede, banke, pensioenfondse, siekefondse en maatskaplike toelae

wat daaruit voortspruit?), vrye omgang, vryheid om te woon en te werk volgens eie keuse, reg tot regspraak, reg tot nie-diskriminasie, ens. ens. Sodoende word die Godgegewe opdrag tot roepingsvervulling in diensbaarheid, nou hoogvaardige, eisende gemeenskap van individue. En die GKSA vereenselwig homself daarmee! deur 'n sekulêre omskrywing as vertrekpunt in getuienis teenoor die owerheid goed te keur. Klink dit na die profetiese: "So sê die Here"? Hiermee word die samevatting van die wet soos Christus dit self in Matt 22:37-40 'definieer', vervreem, versekulariseer en verag. Dit beteken dat die GKSA die Bybel plus humanistiese uitgangspunte normatief aanwend in getuienis teenoor die owerheid e.a.  In wese is dit ongeoorloofde byvoeging by die Wooord van God strydig met bv. Op. 22:1;  vgl. verder Rom 13:8-10; Gal 6:2.

Daar is geen Bybelse begronding van/vir menseregte nie, slegs afwysing.

**2.2.2 Deelname aan die Parlementêre Lessenaar van die NGK** sedert 2003

Die doel en funksie van die Parlementêre Lessenaar van die NGK, is om die parlementêre wetgewing te monitor, te evalueer en kerklike insette by parlementêre komitees te lewer. Of dit op die terrein van die kerk lê is debatteerbaar.  Maar die beampte wat dit beman is uitgesproke Skrifkrities en die GKSA maak van sy dienste gebruik om teenoor die owerheid te getuig! Die boom word immers aan sy vrugte geken (Mat 7:17-19). GK Orania het hul openlik van hierdie besluit losgemaak.

NS: Of die verandering van sekretariaat verskil sal maak, moet nog bepaal word.

**2.2.3 Inskakeling by die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke** (SARK, SACC) in 2006

Hierdie Raad wat geaffilieer is met die Wêreldraad van Kerke, is in wese draers van die Vryheidsteolgie en ook aktief betrokke by politieke vryheidsstryde met sosialisties-kommunistiese doelstellings en simpatieë. Daarvan het niks verander nie, maar kritiek teen die Zuma-bewind in Suid-Afrika, het skielik 'n bondgenoot gevind by meer gereformeerde kringe. Omdat die Suid-Afrikaanse owerheid doelbewus vereis dat "die kerke" uit een mond moet praat, moet die GKSA daarin en daardeur teenoor die owerheid getuig! Hoe die Gereformeerd-Bybelse getuienis via so'n rioolpyp die owerheid moet en kan bereik, is twyfelagtig. In 2 Kor. 6:14 verbied God tewens dat ons in dieselfde juk met die ongelowiges saamtrek.

**2.3 Standpunt oor Evolusionisme**

Kennisgewing dat die evolusieleer (as evolusionisme = evolusie as natuurgedrewe, materialistiese wetenskaplike feitelike werklikheid sonder 'n goddelike dryfveer) in staatskole ingesluit gaan word, het meegebring dat Sinode 2003 en 2006 bepaalde besluite daarteen geneem het. Die Bybelse skeppingsgeskiedenis met God as Skepper is beklemtoon, al is die letterlike 6-daagse skepping  en Noagietiese sondvloed nie ondubbelsinnig bely nie. Deputate rapporteer hieroor in Sinode 2012, maar op aanvaarding van 'n ordevoorstel, nie gedebatteer nie. Verskillende pamflette wat deur  verskillende deputate opgestel is, is dus van kennis geneem en nie vir rekening van die Sinode (=GKSA) aanvaar nie, met beklemtoning dat dit slegs die standpunte van die opstellers is.

Die GKSA bely in NGB Art 12  en 14 en HK Sondag 9 dat God alles geskape het. Dat Hy dit in 6 dae gedoen het, word nie gespesifiseer nie (wel in Westminster Confession hfst 4). Dit laat ruimte vir die standpunt van teïstiese evolusie wat deur verskeie van die Deputate gehuldig word. (Teïstiese evolusie (ook genoem *progressiewe kreasie*) sê dat God alles geskape, maar volgens die geleidelike proses van evolusie oor miljoene jare). Hierdie standpunt is 'n intern-teenstrydige geloof en fundamenteel strydig met die feite in beide openbaringsmiddele van God in Skriftuur en natuur,(NGB Art 2), is in gereformeerde kringe aanvaarbaar gemaak. Prof S du Toit se verdediging daarvan as progressiewe kreasie, is nog nooit amptelik afgewys nie. [Net soos in Sinode 2012 aanvaar is dat beide standpunte dat vroue wel en nie tot die besondere ampte Bybels verdedig kan word].

Opnames oor die hele Westerse wêreld bevestig telkens dat die aanvaarding van die evolusieleer in skole, universiteite en samelewing, die gesag van die Bybel ondergrawe en daarmee saam God se soewereiniteit oor ons lewens verwyder. Dit word daarom die belangrikste rede is waarom veral jongmense uit kerke verdwyn. As die Bybel nie betroubaar is in die eerste hoofstuk nie, hoekom sal die res, nl. die sondeval en maagdelike geboorte van Christus en sy opstaan uit die dood en hemelvaart en wederkoms  dan betroubaar wees?! Hoe versoen ons Gen 1 se: *en dit was goed* met die evolusieleer wat dood en lyding en oorlewing van die sterkste, miljoene jare voordat daar nog mense was, met Gen 3:17; Rom 5:12; 8:22? Die gebrek aan Bybelse getuienis en besluitloosheid oor so'n basiese skeppinggeskiedenis en Godsopenbaring in eie Gereformeerde kerklike kringe, dra by tot  die leegloop van ons kerke. Basies kom dit daarop neer dat ons nie die hele Godsopenbaring van Genesis 1 tot Openbaring 22 as waar en gesagvol glo, bely en beleef nie.

**2.4. Verdringing van Afrikaans by Sinodesittings**

Ofskoon taal nie *per se* ’n beginselbeswaar is nie, word elke Sinodesitting sedert 2006 tyd vermors met ’n gekibbel oor die taalbeleid. Vertaaldiens van Afrikaans na Engels is in plek, maar nie van Engels na Afrikaans of enige ander inheemse taal nie. Die Engelse taalgebruik van sommige afgevaardigdes – blank en nieblank – is dikwels so onduidelik dat daarmee die betekenis van dit wat die spreker sê, grootliks verlore gaan. Dit veroorsaak ’n ernstige beperking om sinvol te kommunikeer en tot besluit in verantwoording voor God te kom soos die Openlike Verklaring veronderstel. Kan elkeen dan werklik sê: Die Heilige Gees en ons het besluit? Die gesprekvoering of getuienis (profesie) in die sinode, in die gebesigde tale na al die kante, word dikwels vir mekaar ’n talegebrabbel wat geen algemene stigting, lering vermaning en orde weerspieel soos God in 1 Kor 14 ondubbelsinnig leer nie. ‘Politieke korrektheid’ (van veral die Afrikaanssprekendes) is dikwels belangriker as die waarheid. Weereens triomfeer toleransie bo waarheid.

# 3. Waarvoor ons staan:

Tot eer van God wil die Geref. Kerk Orania voortgaan as ’n Gereformeerd-Calvinistiese kerk ooreenkomstig belydenis en kerklike orde van die Dordtse Sinode van 1618/19 en die herstigte (Vrye) Gereformeerde Kerk(e) in Suid-Afrika in 1859. Dit behels die volgende:

- Ons glo en bely die Bybel as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God en as enigste rigsnoer vir ons leer en lewe. Die 1933/53 vertaling van die Bybel met as bronmanuskrip die Masoretiese teks vir die Ou Testament en die Textus Receptus vir die Nuwe Testament wat so letterlik moontlik oorgesit is in Afrikaans, word as Standaard vir kerklike gebruik aanvaar.
- Daarmee saam bely ons die Drie Formuliere van Eenheid nl. die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls, <u>omdat</u> hulle ooreenstem met die Bybel.
- Die Dordtse presbiteriale Kerkorde soos gewysig vir plaaslike omstandighede, reël ons kerkregering.
- Slegs die 150 Psalms deur Totius berym, word in eredienste gebruik.
- Een erediens per Sondag moet leerprediking wees. (KO art. 68)
- Die nagmaal word gevier soos Christus dit ingestel het met ’n gemeenskaplike beker en aan tafel (Matt.26:17-30; Mark.14:12-25; Luk.22:7-23; 1 Kor.11:23-29; KO art.62).
- Net manne broeders word in die ampte verkies (Hand.6:3; 1 Tim.3:1-13; 1 Kor.14:34-35).
- Lidmate mag nie aan ’n vertroulike organisasie behoort nie omdat God sy kerk deur sy Woord regeer in ooreenstemming met die eerste gebod: *Jy mag geen ander gode voor my aangesig hê nie.* Christus het verklaar dat Hy niks in die geheim gespreek het nie daarom mag ons ook nie (Joh.18:20).
- Die Verklaring van Menseregte soos aanvaar deur Sinode 1985, word verwerp synde ‘n humanistiese verdringing van die wet van God te wees.
- Ons vier op die eerste dag van die week, Sondag, as rusdag wanneer ons sal saam kom - oggend en aand - in ’n erediens om die Woord van die Here te ontvang en Hom in sang en aanbidding te loof en eer.
- Die sg. Christelike feesdae soos Kersfees en Paasfees word nie onderhou nie, omdat dit nie in die Bybel beveel word nie en van heidense oorsprong is. Dit is in ooreenstemming met die Reformatoriese vaders soos Calvyn, Knox, Zwingly, Bullinger en ander wat hulle beywer het om die feesdae af te skaf o.a. omdat dit ’n ou Roomse praktyk was.
- Ons aanvar en glo dat God die heelal in ses gewone dae en dit sowat 6000 jaar gelede geskep het, en dat die sondvloed wêreldwyd was en daarmee dat Genesis 1 tot 11 ware geskiedenis is. (Westminster Belydenis hfst 4; Joh.1:3; Hebr.1:2, 11:3; Ef.3:9; Kol.1:15,16; 2 Petr.3:3-9).

# 4. Verantwoording:

**4.1** Die aspekte genoem in par 2 en die verwerping van die dwalinge omdat dit onbybels is, maak nie van ons Christene nie. Net so min kan ons sê dat Gereformeerde Kerke wat genoemde besluite nie verwerp nie, *per se* valse kerke is. Dit is opmerklik dat NGB Art 29 in die beskrywing van die kenmerke van die ware en valse kerk, die aktiwiteite van die <u>plaaslike</u> kerk beskryf, nie die sg. kerkverband nie.

**Kenmerke van die ware kerk:**

1. Wanneer die kerk die evangelie suiwer preek ;
2. die sakramente bedien soos Christus dit ingestel het;
3. die kerklike tug gebruik om die sondes te straf;

Kortom: Wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is verwerp, en Jesus Christus as enigste Hoof erken. Hieraan kan ons die ware kerk uitken en niemand het die reg om hom daarvan af te skei nie.

Hierdie twee kerke kan maklik uitgeken en van mekaar onderskei word. Matt. 13

**Kenmerke van die valse kerk volgens die NGB art.29 is:**

1 Dit skryf aan homself en sy besluit meer mag en gesag toe as aan die Woord van God;

2. dit wil homself nie aan die juk van Christus onderwerp nie;

3 dit bedien die sakramente nie soos Christus dit in sy Woord bevel het nie, maar neem weg en voeg by na eie goeddunke;

4 dit vertrou meer op mense as op Christus

5 en dit vervolg hulle wat volgens die Woord van God heilig lewe en wat die valse kerk oor sy euwels, gierigheid en afgodery bestraf.

Volgens pt. 2.1 tot 2.4 vertoon die GKSA die eerste 4 kenmerke van die valse kerk hierbo genoem, nl. die verwerping van die ware leer en die Bybelse bediening van die heilige nagmaal. Nog net die laaste nl. vervolging, ontbreek genadiglik. Samespanning met die owerheid kan dit wel bewerk in beroep op menseregte en ongrondwetlike diskriminasie. Ons bid dat hulle hul van die genoemde dwaalweg sal bekeer.

Die enigste wyse om ons van die onbybelse besluite los te maak wat ons kragtens KO Art 31 bind, is om ons van die GKSA-kerkverband los te maak, want geen beswaar teen enige dwaling deur ons kerk, of individue, of ander kerke, het nog geslaag nie. Verdere besware is nutteloos, want dikwels word dit òf volgens KO Art 46 as ‘ou’ saak onontvanklik verklaar òf volgens die “nuwe vergaderprosedure” op ’n punt van orde van die agenda verwyder. (Is daar enige Skrifgronde vir sodanige: Op ‘n punt van orde?)

Dit het tot gevolg gehad dat baie lidmate plaaslik en elders, gemeenskap met die betrokke kerk(e) beëindig het. Die neiging om lidmaatskap van ’n plaaslike kerk wat nie volhardend die kentekens van ’n valse kerk openbaar nie, te beëindig omdat die “kerkverband” onbybelse besluite neem, getuig van ’n verkeerde kerkbegrip. Nogtans kan dit nie as aksie teen “*die kerkverband*” as sinneloos afgemaak word as onbepaald voortgegaan word om onbybelse besluite te subsidiëer d.m.v. ramings en verpligte kollektes nie.

Die primêre akkoord tussen kerke in kerkverband, is gehoorsaamheid aan die Woord van God. Wanneer sinodale besluite oor gemeenskaplike sake hierdie akkoord volhardend bly skend (vgl. par.2), mag die God-onterende verbintenis beëindig word – ons moet God meer gehoorsaam wees as die mense. Ons veroordeel nie ander kerke in die kerkverband wat verbreking van die gemene akkoord byna soortgelyk ervaar en tog nie afskei nie. Met sulke kerke sal korrespondensie gesoek word ter wille van die welwese van eie kerk en die eer van God.

**4.2** Ons het ’n ereskuld ten opsigte van medegelowiges en spesifiek bedienaars van die Woord wat getrou in hul roeping ons en vele ander die afgelope jare in die Evangelie onderrig en gebou het. Eerbare versorging van hierdie getroue diensknegte wat via die struktuur van kerkverband kerkverbandelik versorg word na emeritering, is ook op ons gewete en ’n saak wat ons verantwoord moet hanteer. Die emeritusfonds stuur af op ’n ramp namate die lidmaatgetalle van die GKSA-verband bly afneem en toenemende las op die oorblywendes afgewentel word..

**4.3** “Gelowiges word aangesê om die ware kerk te gaan soek om daarby aan te sluit waar die lidmate ernstig daarna strewe om in alles aan Christus gehoorsaam te wees. Die ware kerk is ’n sigbare kerk; dis ’n plaaslike gemeente. Die Bybelse kerkbegrip wat ons as kenmerke van die ware kerk in Art 29 NGB bely, is nie die kerkverband nie. Kerkverband is nie die kerk nie. Die ware kerk gaan soek mens dus nie in iets soos ’n kerkverband [struktuur] nie. Die ware kerk openbaar haarself in ’n plaaslike kerk” (*Sola Scriptura*, GK Die Kandelaar, 2003. Uit hierdie studiestuk is ruim geleen vir voorgaande **Verantwoording**).”

Met losmaking van ’n kerkverband bind die ware kerk in wese opnuut elke lidmaat daarvan tot bekering en verinniging in die verhouding met God en mekaar. Die Here vermaan ons in EF. 4:1-3 *Ek vermaan julle dan, ek, die gevangene in die Here, om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is, met alle nederigheid en sagmoedigheid, met lankmoedigheid, terwyl julle mekaar in liefde verdra en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede.*

Ons moet waak teen hoogmoed en selfverheffing as sou ons as beter ware kerk kwalifiseer. Sonder diepgaande berou en bekering van ons eie boesemsondes, is ons onder dieselfde oordeel.

*Wees waaksaam, staan vas in die geloof, wees manmoedig, wees sterk! Laat alles by julle in liefde geskied.* (1Kor.16:11).

**4.4** Dit is ons bede dat hierdie losmaking as ernstige getuienis mag dien in die GKSA waarvan ons met leedwese afskeid neem.

**4.5** Ons losmaking van die GKSA wil en moet wees tot eer van God en oreenkomstig Sy wil, want:

> "As die HERE die huis nie bou nie, tevergeefs werk die wat daaraan bou; as die HERE die stad nie bewaar nie, tevergeefs waak die wagter.
>
> Tevergeefs dat julle vroeg opstaan, laat opbly, brood van smarte eet—net so goed gee Hy dit aan sy beminde in die slaap!" (Ps.127:1,2)

In 1 Kor 3:9-16 word beklemtoon dat gelowiges bou aan kerk en koninkryk. Hierdie bouwerk sal getoets word. Dit is ons begeerte en bede dat in swakheid tog met goud, silwer en kosbare stene, gebou sal word.

* * * * * * * * *

Kennisgewing van die Geref. Kerk Orania aan die Klassis Burgersdorp:

# Die Gereformeerde Kerk Orania

Posbus 175 Orania 8752; glerasmus@oranet@co.za; of glerasmus@ncwnetonline.co.za

Die korresponderende Kerk, Klassis Burgersdorp
Gereformeerde Kerk Burgersdorp
jankrummel@gmail.com
21 Augustus 2018

Geagte Voorsitter,

Agendapunt: Losmaking van Gereformeerde Kerk Orania vanaf die GKSA-kerkverband

Dit is met leedwese dat ons hiermee aan die Klassis Burgersdorp – en daarmee aan die GKSA Kerkverband - kennis gee dat die Kerkraad van GK Orania op 8 April en finaal op 23 Junie 2018 besluit het om haar van die GKSA los te maak. Hierdie Losmaking sal DV in werking tree nadat Gereformeerde kerke Klassis Burgersdorp, in vergadering op 11September 2018, hierdie kennisgewing behandel het.

Die motivering vir hierdie besluit word in die aangehegte *Memoradum van Losmaking* weergegee. Ons sal dit waardeer as ook die Memorandum aan die lidkerke van die Klassis versprei word sodat ons afgevaardigdes die besluit kan toelig tydens die sitting van die Klasssis.

Ons is agterstallig t.o.v. sekere ramings. Hierdie agterstallige gelde is die gevolg daarvan dat ons etlike jare sekere ramings nie honoreer nie. Hierdie agterstallige bedrae wil ons ook nie aansuiwer nie. Die ander verpligtinge t.o.v. die ramings sal ons tot aan die einde van hierdie finansiële jaar aan die Adminburo oorbetaal.

Ander administratiewe sake soos argiefsake, kan tydens die Sitting behandel word indien die vergadering dit so reël.

Ons is bewus van die ingrypende aard van ons besluit. Ons is egter daarvan oortuig dat ons ons voor die HERE en die Kerkverband verantwoord. Dit is ons innige bede dat hierdie skeiding nie in gesindheid van vyandskap sal wees nie. Daarom ook ons bede dat hierdie klassis en die GKSA in getrouheid aan die HERE hul roeping sal vervul. Sola Dio Gloria!

U broeders in Christus,

Namens GK Orania:

Ouderlinge PA Steenkamp en GL Erasmus

* * * * * * * * *

Kennisgewing van Klassis Burgersdop aan kerke in die kerkverband van die GKSA – rakende Gereformeerde Kerk Orania:

## KENNISGEWING IN DIE KERKVERBAND VAN DIE GKSA – GEREFORMEERDE KERK ORANIA

1. Klassis Burgersdorp het op 11 September 2018 by die GK Steynsburg vir sy 138^ste sitting vergader.
2. Dit is met leedwese dat Klassis Burgersdorp kennis aan die Kerkverband gee van die besluit van die Gereformeerde Kerk Orania om hul verbintenis met die kerkverband van die GKSA met ingang 11 September 2018 te beëindig.
3. Die gemeente word gegroet met die bede dat hulle steeds die kennelike nabyheid van die Here op hul pad vorentoe sal ervaar.

Oudl N. Grobler
Skriba

Korresponderende Kerkraad, Klassis Burgersdorp
GK Aliwal-Noord

* * * * * * * * *

# Bylae 1

# NGB Artikel 28 – Elkeen is verplig om by die ware kerk aan te sluit

Ons glo – aangesien hierdie heilige vergadering 'n versameling is van hulle wat verlos word en daarbuite geen saligheid is nie – **dat niemand, wat sy stand en status ook al is, hom in selftevredenheid van hierdie vergadering afsydig mag hou nie; inteendeel, almal is verplig om daarby aan te sluit en hulle daarmee te verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle almal – as lede van een en dieselfde liggaam – aan sy leer en tug te onderwerp, die nek onder die juk van Jesus Christus te buig en volgens die gawes wat God aan elkeen gegee het, die broers in die opbou van hulle geloof te dien.**

En om dit beter te kan doen, is dit volgens die Woord van God die plig van alle gelowiges om hulle af te skei van hulle wat nie aan die kerk behoort nie, en hulle by dié vergadering aan te sluit, waar God dit ook al gevestig het, selfs al sou regerings en wette van regeerders daarteen wees en daarvoor die dood- of lyfstraf oplê.

**Daarom handel almal wat hulle van hierdie ware kerk afskei of nie daarby aansluit nie, in stryd met die bevel van God.** [Kerk kom van die Griekse woord *"kuriake"* en beteken "*wat aan die Here behoort"*]

* * * * * * * *

# Bylae 2

## *Ware En Valse* Kerkeenheid

Prof. V.E. d'Assonville (Oorgeneem uit *Kerk en Tydsgees*, 1990:45-47)

Nog nooit het die strewe na kerkeenheid so sterk gebloei as in ons tyd nie. Oral en op allerhande maniere kom die oproep tot eenheid. Die kerke moet mekaar opsoek. Die kerke moet mekaar vind. Die kerke moet tot 'n sigbare eenheid kom. Is dit dan nie juis Jesus Christus self wat in sy gebed [Joh. 17] so hartroerend om die eenheid van die kerk gebid het nie?

'n Bepaalde soort "eenheid" word bv. geweldig sterk in die organisasie van die Wêreldraad van Kerke bewerk. Daar word selfs kerke met radikaal uiteenlopende belydenisse saamgebind. Daarin is selfs Unitariërs wat die godheid van Christus loën. Ook die Wêreldbond van Gereformeerde kerke [WBGK] met sy baie Wêreldraadkerk-lede streef sterk na eenheid met die groter liggaam. Op sy beurt soek die Gereformeerde Ekumeniese Raad [GER] weer sterker bande met die WBGK. Allerlei eenheidsgesprekke word gevoer, o.a. tussen Protestante, Rooms – Katolieke en die Oosters-ortodokse kerke. Die GKSA self is reeds baie jare lank in gesprek met die ander Afrikaanse kerke oor eenheid.

### Die crux van die saak -- die waarheid

Daar kan egter geen sprake van eenheid wees as dit nie 'n eenheid op grond van die waarheid is nie. En hierdie waarheid is die Heilige Skrif. Miskenning van die Bybel, is 'n miskenning van die waarheid. Dit is die enigste grond vir kerkeenheid. Jesus bid: "Heilig hulle in u waarheid; u woord is die waarheid" [Joh.. 17:17]. Dit is die eenheid van die geloof en nie ten eerste die eenheid van die uiterlike organisasie nie. Dit is nie 'n eenheid van almal wat bloot net sê "Here, Here" sonder die waaragtige geloof nie [Matt. 7:21-23].

Joh. 17 moet deeglik gelees word. Die woord wat die Vader aan Christus gegee het, het Christus ook aan sy apostels deurgegee. En hierdie woord het die apostels weer deurgegee aan almal wat deur hulle woord aan Christus sou glo. Dit is alles: om geheilig te word in die waarheid.

En so sou alle gelowiges in die enigste waarheid – die Woord van God in Jesus Christus – saamgebind word.

### Die onmoontlike eenheid

Die ware kerkeenheid is die eenheid in die ware geloof op grond van die Heilige Skrif. Maar as die *gesag van hierdie Woord* volgens die Heilige Skrif geloën word soos wat vandag met baie kerke die geval is, selfs "gereformeerde" kerke soos bv. die Gereformeerde Kerke van Nederland [GKN]....

- òf as die *Drie- eenheid* van God misken word soos deur sekere lidkerke van die Wêreldraad van Kerke [WRK]....
- òf as geleer word dat die *Heilige Gees* nie van die Seun uitgaan nie soos wat dit in die Oosters - ortodokse kerke [Grieks- en Russiese kerke] geleer word....
- òf as *Remonstrantisme* openlik verkondig word soos deur sekere lede van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke..
- òf as die Woord geheel en al deur die uitsprake van mense vervang word, soos in die Roomse Kerk.
- **dan kan daar geen sprake van eenheid meer wees nie**!

### Die breuk alleen deur die Woord... ook die eenheid alleen deur die Woord...

Op 31 Oktober 1517 het Maarten Luther sy 95 Stellinge gepubliseer. Toe was die breuk met die Roomse Kerk onvermydelik. Dit was alleen op grond van God se Woord.

Ook die breuk met die Remonstrante was met die Sinode van Dordrecht onvermydelik – op grond van die waarheid van God se ewige verkiesing [vgl. die Dordtse Leerreëls].

Die Afskeiding van 1834 in Nederland, die "Disruption" in Skotland in 1843, die Afskeidings van die Gereformeerde kerke in Amerika [1857] en Suid-Afrika [1859] asook die Doleansie in Nederland [1886] het almal plaasgevind omdat mense wou gehoorsaam wees aan die waarheid van God se Woord.

**En die *eenheid*?** Ook dit kan alleen bewerk word as daar gebou word op die fondament van hierdie selfde Woord. Uiterlike organisasies en demonstrasies met 'n motief van "eenheid ter wille van eenheid" kan dit nie bewerk nie.

As daar nie die regte stewige fondamente vir die gebou is nie, is steierhoute 'n blote skouspel – **'n mislukking!**